(3) Dit is die plig van die Sekretaris, of van iemand behoorlik deur hom daartoe gelas, om voorsiening te maak vir die behoorlike en deeglike ondersoek van 'n aansoek ingevolge subartikel (1) en om alle relevante beskikbare getuienis aan die raad waarna die aansoek verwys word, voor te lê.

(4) By die oorweging van 'n aansoek om 'n voordeel kragtens hierdie Wet, ontvang die applikant die voordeel van enige redelike twyfel ten opsigte van die bestaan van enige feit, aangeleentheid, oorsaak of omstandigheid.

**Toekennings kan nie oorgedra of in beslag geneem word nie.**

**32.** (1) Geen toekenning kragtens hierdie Wet betaalbaar, kan deur die bevoordeelde oorgemaak, oorgedra of verhipotekeer word nie, en is ook nie aan inbeslagneming of aan enige vorm van tenuitvoerlegging kragtens 'n vonnis of bevel van 'n geregshof onderhewig nie, en dit gaan ook nie oor ingevolge 'n bevel vir die sekwestrasie van die boedel van die bevoordeelde nie.

(2) Ondanks enigiets in subartikel (1) of in 'n ander wet vervat, is 'n onjuiste betaling aan 'n persoon of sy vrou ten opsigte van 'n pensioen wat ingevolge 'n ander wet uit die Gekonsolideerde Inkomstefonds betaalbaar is, verhaalbaar op 'n voordeel aan so 'n persoon of sy vrou kragtens hierdie Wet betaalbaar, en is 'n onjuiste betaling aan 'n persoon of sy vrou ingevolge hierdie Wet verhaalbaar op 'n pensioen wat aan so 'n persoon of sy vrou uit die Gekonsolideerde Inkomstefonds ingevolge 'n ander wet betaalbaar is.

**Beheer van betaling van voordele.**

**33.** (1) 'n Voordeel wat aan of ten behoewe van 'n vrywilliger ingevolge hierdie Wet betaalbaar is, kan na goeddunke van die Sekretaris en om redes wat hy voldoende ag—

(*a*) aan die vrywilliger betaal word of aan of ten behoewe van persone wat vir hul onderhoud van sodanige vrywilliger afhanklik is, of in paaiemente, of op die ander wyse wat die Sekretaris beveel;

(*b*) van tyd tot tyd belê of aangewend word op 'n wyse wat na die oordeel van die Sekretaris tot voordeel van die vrywilliger of diegene wat vir onderhoud van hom afhanklik is, strek;

(*c*) aan 'n Meester van die Hooggeregshof, 'n kurator of ander persoon betaal word om gebruik te word onderworpe aan die voorwaardes wat die Sekretaris oplê;

(*d*) gedeeltelik op een en gedeeltelik op 'n ander van die in paragrawe (*a*), (*b*) en (*c*) vermelde wyses aangewend word, na gelang die Sekretaris bepaal.

(2) By die dood van 'n vrywilliger word die onbetaalde balans van 'n opgelope voordeel uitbetaal aan die afhanklikes wat die Sekretaris bepaal, en maak dit nie deel van die boedel van die oorlede vrywilliger uit nie: Met dien verstande dat

Substitution of benefits under this Act for other legal remedy.

**37.** No action at law shall lie against the State to recover any damages in respect of the disablement or death of a volunteer, where provision is made in this Act for compensation in respect of such death or disablement, and no liability for compensation as aforesaid shall arise on the part of the State save under the provisions of this Act.

Penalty for trading in pension vouchers.

**38.** Any person purchasing or discounting vouchers issued for the purpose of enabling pensioners to obtain payment of their pensions or allowances, or holding such vouchers as security for loans, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and such imprisonment.

Volunteers serving with forces other than Union Forces.

**39.** (1) When a volunteer without ceasing to be a volunteer was granted permission or was required during the war to serve with any force other than the Union Forces, the provisions of this Act shall continue to apply to and in respect of him.

(2) The Minister may, in respect of benefits payable in terms of this section, determine the nature and extent of any financial adjustment between the State and the government of any other country.

Members of other forces serving with Union Forces.

**40.** When a member of the forces of any other government was required to serve with the Union Forces, any compensation payable by such government in respect of the death or disablement of such member as a result of service during the war and during the period of service with the Union Forces, may be borne by the Government of the Republic: Provided that any benefits payable by the Government of the Republic in such circumstances shall be limited to the amount which would have been payable had the said benefits been assessable under this Act.

Temporary allowances to dependants of dead or missing volunteers.

**41.** (1) When a volunteer on military service was reported to have died or to be missing, the Secretary may grant an allowance to any person who would, if the volunteer had been killed on military service, *prima facie* be eligible for a benefit under this Act, with effect from a date not earlier than the date of the volunteer's reputed death or from the date he was reported as missing, until the question whether the said person is or is not eligible for a benefit has been determined: Provided that the allowance shall not exceed the benefits which would be payable to the said person if the volunteer had on the said date been killed on military serivce; and provided further that payment of such an allowance shall not be made in respect of a period exceeding twelve months or such further period as the Minister may authorize.

(2) An allowance made under subsection (1) shall be set-off against any benefits which may ultimately be awarded to the person to whom the allowance was paid out, in so far as the benefits equal or exceed the allowance, or, if it has been ascertained that the volunteer concerned is alive, the amount in question shall be deducted from the pay which has accrued to the volunteer: Provided that no such deduction shall be made in respect of any allowance made to a person who would not have been eligible for a pension if the volunteer had on the aforesaid date been killed on military service.

Date from which benefits take effect.

**42.** (1) If a volunteer has applied for compensation in respect of disablement within six months of the termination of his military service or the date of notification of the termination of his military service, whichever is later, the date of taking effect of any benefit awarded to him shall be the first day of the month in which his military service terminated, or in which he became entitled to such benefit, whichever is the later.

(2) If a widow, child, parent or dependant of a deceased volunteer has applied for a pension in respect of the death of such volunteer within six months of the date of notification to the next-of-kin of the volunteer's death, or within six months

**37.** Geen regsgeding tot verhaal van skadevergoeding ten opsigte van die ongeskiktheid of dood van 'n vrywilliger kan teen die Staat ingestel word nie, waar daar ingevolge hierdie Wet voorsiening vir vergoeding ten opsigte van sodanige dood of ongeskiktheid gemaak word, en geen aanspreeklikheid vir vergoeding soos voormeld ontstaan van Staatsweë nie behalwe ingevolge die bepalings van hierdie Wet.

Vervanging van ander regsmiddel deur voordele kragtens hierdie Wet.

**38.** Iemand wat betalingsorders wat uitgereik is ten einde pensioentrekkers in staat te stel om betaling van hulle pensioene of toelaes te verkry, koop of verdiskonteer of sodanige betalingsorders as sekerheid vir lenings hou, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens honderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met sowel sodanige boete as sodanige gevangenisstraf.

Straf op handeldrywe in betalingsorders vir pensioene.

**39.** (1) Wanneer 'n vrywilliger sonder dat hy opgehou het om 'n vrywilliger te wees, verlof gegee was of wanneer van hom verlang was om gedurende die oorlog by enige ander mag as die Uniemagte diens te doen, bly die bepalings van hierdie Wet op en ten opsigte van hom van toepassing.

Vrywilligers wat by ander magte as Uniemagte gedien het.

(2) Die Minister kan, ten opsigte van voordele betaalbaar ingevolge hierdie artikel, die aard en omvang van enige geldelike verrekening tussen die Staat en die regering van enige ander land bepaal.

**40.** Wanneer van 'n lid van die magte van 'n ander regering vereis was om by die Uniemagte diens te doen, kan enige vergoeding wat deur sodanige regering betaalbaar is ten opsigte van die dood of ongeskiktheid van so 'n lid ten gevolge van diens gedurende die oorlog en gedurende die tydperk van diens by die Uniemagte, deur die Regering van die Republiek gedra word: Met dien verstande dat voordele wat onder sodanige omstandighede deur die Regering van die Republiek betaalbaar is, beperk word tot die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien genoemde voordele kragtens hierdie Wet berekenbaar was.

Lede van ander magte wat by Uniemagte diens gedoen het.

**41.** (1) Wanneer 'n vrywilliger in militêre diens as oorlede of vermis aangemeld was, kan die Sekretaris 'n toelae toeken aan iemand wat, indien die vrywilliger in militêre diens gedood was, *prima facie* vir 'n voordeel kragtens hierdie Wet in aanmerking sou kom, met ingang van 'n datum nie vroeër nie as die datum van die vrywilliger se vermeende dood of van die datum waarop hy as vermis aangemeld was, tot tyd en wyl die vraag of bedoelde persoon al dan nie vir 'n voordeel in aanmerking kom, beslis is: Met dien verstande dat die toelae nie meer mag bedra nie as die voordele wat aan bedoelde persoon betaalbaar sou wees indien die vrywilliger op bedoelde datum in militêre diens gedood was; en met dien verstande voorts dat so 'n toelae nie ten opsigte van 'n tydperk van meer as twaalf maande, of die verdere tydperk wat die Minister magtig, betaal mag word nie.

Tydelike toelaes aan afhanklikes van oorlede of vermiste vrywilligers.

(2) 'n Toelae ingevolge subartikel (1) toegeken, word in verrekening gebring teen enige voordele wat uiteindelik aan die persoon aan wie die toelae uitbetaal is, toegeken word, vir sover die voordele gelykstaan met of meer bedra as die toelae of, indien vasgestel is dat die betrokke vrywilliger in lewe is, word die betrokke bedrag afgetrek van die soldy wat aan die vrywilliger toegeval het: Met dien verstande dat so 'n aftrekking nie geskied nie ten opsigte van 'n toelae wat toegeken is aan iemand wat nie vir 'n pensioen in aanmerking sou gekom het nie indien die vrywilliger op voormelde datum in militêre diens gedood was.

**42.** (1) Indien 'n vrywilliger binne ses maande na die beëindiging van sy militêre diens, of die datum waarop hy in kennis gestel is van die beëindiging van sy militêre diens, na gelang watter datum die laatste is, om vergoeding ten opsigte van ongeskiktheid aansoek gedoen het, is die datum waarop 'n voordeel aan hom toegeken, van krag word, die eerste dag van die maand waarin sy militêre diens beëindig is, of waarin hy op so 'n voordeel geregtig geword het, na gelang watter datum die laatste is.

Datum met ingang waarvan voordele van krag word.

(2) Indien 'n weduwee, kind, ouer of afhanklike van 'n oorlede vrywilliger binne ses maande na die datum van kennisgewing aan die naasbestaande van die vrywilliger se dood, of binne ses maande na die ophou van die toegewysde bedrag of skeidingstoelae, as daar is, om 'n pensioen ten opsigte van die dood van so 'n vrywilliger aansoek gedoen het, is die datum

Provided that any benefit, other than a gratuity, payable in respect of a period during which the beneficiary received any allotment or separation allowance, shall be discounted by the amount of such allotment and separation allowance.

(3) If application has not been made within the period mentioned in subsection (1) or (2), any benefit granted shall take effect from the first day of the month in which the application was made: Provided that in the case of an application under subsection (1) the board may in its discretion make an award from an earlier date, but not prior to the date on which the pensionable disability manifested itself, and not more than six months before the date of such application.

(4) Whenever an application for a benefit under this Act has been rejected, and is not renewed within six months of the date of notification of such rejection, any renewal of the application shall for the purposes of this section be deemed to be a fresh application: Provided that where a case is reviewed by the board as a result of an amendment to this Act, the date of taking effect of any award granted as the result of such review shall be the date on which the amendment concerned became operative.

(5) If an applicant for a benefit under this Act fails or refuses to comply within six months with a request by the Secretary to submit himself to medical examination, or to furnish any information within his knowledge which is required for the purpose of investigating his claim, his application shall be deemed to have been abandoned, and any renewal of such application shall for the purposes of this section be deemed to be a fresh application, unless he satisfies the board that such failure or refusal was due to circumstances beyond his control.

(6) If a volunteer's discharge was cancelled, by reason of his having lost his civil employment, and he was reinstated as a member of the Union Forces on full military pay and allowances, any continuing benefit awarded to him by the board shall not be of force and effect during the period that he then remained in the said Forces.

(7) Save as provided in section 29 (7), this section shall not apply in regard to applications to the special pensions board.

(8) For the purpose of determining the date of taking effect of any increase in the rate of any allowance payable in terms of section 7, 16 or 19 in respect of any child, such child shall be deemed to have attained any particular age on the first day of the month in which he in fact attained that age.

(9) Notwithstanding anything to the contrary in this Act or any other law contained, any benefit payable in terms of this Act, other than a benefit under the provisions of section 11(3) or (7), may be granted from the first day of the month in which the beneficiary qualifies for such benefit, and may be continued up to and including the last day of the month in which the beneficiary dies or ceases to be entitled to such benefit.

Members of crews of merchant ships.

**43.** (1) If any person suffered disablement or death as the result of enemy action during the war, while serving as the master or a member of the crew of a merchant ship registered in the Union, the provisions of this Act relating to the payment of benefits shall apply *mutatis mutandis* as if such person were a volunteer: Provided that—

(*a*) any compensation payable in terms of the Workmen's Compensation Act, 1941 (Act No. 30 of 1941), or War Measure No. 15 of 1944, in respect of such disablement or death, shall in the event of compensation being paid under the provisions of this Act, be paid into the Consolidated Revenue Fund;

(*b*) if the compensation payable under the said Act or War Measure in respect of such disablement or death is greater than the benefits claimable under this Act, the said benefits shall lapse;

(*c*) if such person suffered disablement or death as a result of enemy action while serving as a master or member of the crew of a ship owned or operated by the

Met dien verstande dat 'n ander voordeel as 'n gratifikasie, wat ten opsigte van 'n tydperk waarin die bevoordeelde 'n toegewysde bedrag of skeidingstoelae ontvang het, betaalbaar is, met die totaal van so 'n toegewysde bedrag en skeidingstoelae verminder word.

(3) Indien aansoek nie binne die in subartikel (1) of (2) vermelde tydperk gedoen is nie, word 'n toegekende voordeel vanaf die eerste dag van die maand waarin aansoek gedoen is, van krag: Met dien verstande dat in die geval van 'n aansoek ingevolge subartikel (1) die raad na goeddunke 'n toekenning vanaf 'n vroeër datum kan maak, maar nie vroeër as die datum waarop die pensioengewende gebrek sy verskyning gemaak het nie en nie meer as ses maande voor die datum van so 'n aansoek nie.

(4) Wanneer ook al 'n aansoek om 'n voordeel ingevolge hierdie Wet verwerp is, en nie binne ses maande na die datum van bekendmaking van so 'n verwerping hernieu word nie, word 'n hernuwing van die aansoek by die toepassing van hierdie artikel geag 'n nuwe aansoek te wees: Met dien verstande dat ingeval 'n geval deur die raad as gevolg van 'n wysiging van hierdie Wet hersien word, die datum waarop 'n toekennning wat as gevolg van so 'n hersiening gemaak word van krag word, die datum is waarop die betrokke wysiging in werking getree het.

(5) Indien iemand wat om 'n voordeel ingevolge hierdie Wet aansoek doen, versuim of weier om binne ses maande te voldoen aan 'n versoek van die Sekretaris dat hy 'n geneeskundige ondersoek moet ondergaan, of dat hy inligting waarvan hy kennis dra en wat nodig is ten einde sy aanspraak te ondersoek, moet verstrek, word hy geag van sy aansoek afstand te gedoen het, en 'n hernuwing van so 'n aansoek word by die toepassing van hierdie artikel geag 'n nuwe aansoek te wees, tensy hy die raad oortuig dat so 'n versuim of weiering toe te skrywe was aan omstandighede waaroor hy geen beheer gehad het nie.

(6) Indien 'n vrywilliger se ontslag ingetrek was omdat hy sy burgerlike verdienste verloor het, en hy as 'n lid van die Uniemagte met volle besoldiging en toelaes herstel was, is 'n voortdurende voordeel aan hom deur die raad toegeken, nie van krag nie gedurende die tydperk waarin hy dan in genoemde Magte gebly het.

(7) Behoudens die bepalings van artikel 29 (7) is hierdie artikel nie van toepassing in verband met aansoeke aan die buitengewone pensioenraad nie.

(8) By die bepaling van die datum van inwerkingtreding van 'n verhoging in die skaal van 'n toelae ingevolge artikel 7, 16 of 19 ten opsigte van 'n kind betaalbaar, word daardie kind geag 'n bepaalde leeftyd te bereik het op die eerste dag van die maand waarin hy in werklikheid daardie leeftyd bereik het.

(9) Ondanks andersluidende bepalings van hierdie Wet of enige ander wet, kan 'n voordeel wat ingevolge hierdie Wet betaalbaar is, behalwe 'n voordeel ingevolge die bepalings van artikel 11 (3) of (7), vanaf die eerste dag van die maand waarin die bevoordeelde vir bedoelde voordeel in aanmerking kom, toegeken word, en kan dit tot en met die laaste dag van die maand waarin die bevoordeelde te sterwe kom of ophou om op bedoelde voordeel geregtig te wees, voortgesit word.

Bemanningslede van handelskepe.

**43.** (1) Indien iemand as gevolg van vyandelike optrede gedurende die oorlog, terwyl hy diens gedoen het as kaptein of lid van die bemanning van 'n handelskip wat in die Unie geregistreer was, ongeskik geraak het of gesterwe het, is die bepalings van hierdie Wet ten aansien van die betaling van voordele *mutatis mutandis* van toepassing asof so iemand 'n vrywilliger was: Met dien verstande dat—

(*a*) vergoeding wat ingevolge die Ongevallewet, 1941 (Wet No. 30 van 1941), of Oorlogsmaatreël No. 15 van 1944 ten opsigte van so 'n ongeskiktheid of dood betaalbaar is, ingeval vergoeding ingevolge die bepalings van hierdie Wet betaal word, in die Gekonsolideerde Inkomstefonds gestort word;

(*b*) indien die vergoeding wat kragtens bedoelde Wet of Oorlogsmaatreël ten opsigte van so 'n ongeskiktheid of dood betaalbaar is, groter is as die voordele wat uit hoofde van hierdie Wet geëis kan word, bedoelde voordele verval;

(*c*) indien so iemand as gevolg van vyandelike optrede terwyl hy diens gedoen het as kaptein of lid van die bemanning van 'n skip wat die eiendom was van of

or expenses incurred in connection with investigation, treatment or training in terms of section 11 shall form a charge against the Railway and Harbour Fund referred to in section 99 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act No. 32 of 1961).

(2) (*a*) If any person suffered disablement or death, as the result of enemy action during the war, while a Union national and while serving as a master or a member of the crew of a merchant ship registered in a port of or chartered by any government which was an ally of the Government of the Union during the war, and a pension or allowance has been awarded by such allied government in respect of such disablement or death, which is less than the pension or allowance that would have been payable in terms of this Act if such person had been a volunteer, then, if the said person was normally resident in the Union at the date of commencement of the war, the pension or allowance so awarded shall be supplemented so as to make good the deficiency.

(*b*) No benefit shall at any time be payable under this subsection to or in respect of any person who is not normally resident in the Republic.

(3) For the purposes of this section the onus shall be on the applicant to prove his claim to the satisfaction of the board.

(4) Notwithstanding anything contained in section 42, the date of effectiveness of any benefit awarded under this section shall be such date as the board may decide: Provided that such date shall in no case be earlier than the date of the death or disablement of the master or member of the crew concerned as determined by the board or, for the purposes of subsection (2), than the first day of April, 1946.

South Africans who served with allied forces.

**44.** (1) If any person while a Union national suffered disablement or death as a result of service with the military, naval or air forces of any government allied to the Government of the Union in the war, and a pension or allowance has been awarded by such allied government in respect of such disablement or death, which is less than the pension or allowance that would have been payable in terms of this Act if such person had been a volunteer, then, if such person was normally resident in the Union at the date of commencement of the war, the pension or allowance so awarded shall be supplemented so as to make good the deficiency.

(2) No benefit shall at any time be payable under this section to or in respect of any person who is not normally resident in the Republic.

(3) Notwithstanding anything contained in section 42, the date of effectiveness of any benefit awarded under this section shall be such date as the board may determine: Provided that such date shall in no case be earlier than the first day of April, 1946.

Social workers.

**45.** If a person who was entitled to and ordinarily did wear a military uniform and who was a representative or servant of a prescribed association or institution performed any work outside the Union among and for the benefit of members of the defence force, he shall, while he was so engaged in such work, be deemed, for the purposes of this Act, to have been a volunteer and to have been rendering military service.

Special service connected with the war.

**46.** (1) For the purposes of this Act members of the Civilian Protection Services, the Civic Guard, the St. John Ambulance, the Red Cross and such other organizations as may be prescribed, shall, while they performed any duties specially connected with the war, and imposed upon them as members of such organizations, be deemed to have been volunteers on military service.

(2) Notwithstanding the provisions of section 42, any benefit awarded in terms of subsection (1) shall be payable as from a date to be decided by the board: Provided that such

en enige onkoste of uitgawes aangegaan in verband met ondersoek, behandeling of opleiding ingevolge artikel 11, in rekening gebring word teen die Spoorweg- en Hawefonds wat in artikel 99 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet No. 32 van 1961), vermeld word.

(2) (*a*) Indien iemand as gevolg van vyandelike optrede gedurende die oorlog ongeskik geraak of gesterwe het, terwyl hy 'n Unie-staatsburger was en terwyl hy diens gedoen het as kaptein of lid van die bemanning van 'n handelskip wat geregistreer was in 'n hawe van, of gehuur was deur 'n regering wat 'n bondgenoot van die Unie-regering gedurende die oorlog was, en 'n pensioen of toelae wat minder bedra as die pensioen of toelae wat ingevolge hierdie Wet betaalbaar sou gewees het indien so iemand 'n vrywilliger was, deur so 'n geallieerde regering ten opsigte van sodanige ongeskiktheid of dood toegeken is, word die pensioen of toelae wat aldus toegeken is, indien bedoelde persoon ten tyde van die begin van die oorlog gewoonlik in die Unie woonagtig was, aangevul ten einde die tekort aan te suiwer.

(*b*) Geen voordeel is te eniger tyd kragtens hierdie subartikel betaalbaar aan of ten opsigte van iemand wat nie gewoonlik in die Republiek woonagtig is nie.

(3) By die toepassing van hierdie artikel berus die bewyslas op die applikant om sy aanspraak ten genoeë van die raad te bewys.

(4) Ondanks die bepalings van artikel 42 is die datum waarop 'n kragtens hierdie artikel toegekende voordeel van krag word, die datum wat die raad bepaal: Met dien verstande dat daardie datum in geen geval vroeër is nie as die datum waarop die betrokke kaptein of lid van die bemanning te sterwe gekom of ongeskik geraak het soos deur die raad vasgestel of, by die toepassing van subartikel (2), as die eerste dag van April 1946.

**Suid-Afrikaners wat by geallieerde magte gedien het.**

**44.** (1) Indien iemand, terwyl hy 'n Unie-staatsburger was, ongeskik geraak of te sterwe gekom het as gevolg van diens met die militêre, vloot- of lugmagte van enige regering wat 'n bondgenoot van die Unie-regering gedurende die oorlog was, en 'n pensioen of toelae wat minder bedra as die pensioen of toelae wat ingevolge hierdie Wet betaalbaar sou gewees het indien so iemand 'n vrywilliger was, deur so 'n geallieerde regering ten opsigte van sodanige ongeskiktheid of dood toegeken is, word die pensioen of toelae wat aldus toegeken is, indien bedoelde persoon ten tyde van die begin van die oorlog gewoonlik in die Unie woonagtig was, aangevul ten einde die tekort aan te suiwer.

(2) Geen voordeel is te eniger tyd kragtens hierdie artikel betaalbaar aan of ten opsigte van iemand wat nie gewoonlik in die Republiek woonagtig is nie.

(3) Ondanks die bepalings van artikel 42 is die datum waarop 'n kragtens hierdie artikel toegekende voordeel van krag word, die datum wat die raad bepaal: Met dien verstande dat so 'n datum in geen geval vroeër is as die eerste dag van April 1946 nie.

**Maatskaplike werkers.**

**45.** As iemand wat geregtig was om 'n militêre uniform te dra en dit gewoonlik wel gedra het, en wat 'n verteenwoordiger of dienaar van 'n voorgeskrewe vereniging of inrigting was, buite die Unie werk verrig het onder en ten bate van lede van die verdedigingsmag, word hy, terwyl hy hom met sodanige werk besig gehou het, by die toepassing van hierdie Wet geag 'n vrywilliger te gewees het en militêre diens te verrig het.

**Spesiale diens in verband met die oorlog.**

**46.** (1) By die toepassing van hierdie Wet word lede van die Burgerlike Beskermingsdiens, Die Burgerlike Wag, die St. Johannes Ambulans, die Rooi Kruis en die ander organisasies wat voorgeskryf word, terwyl hulle pligte verrig het wat spesiaal met die oorlog in verband gestaan het en wat hulle as lede van sulke organisasies opgelê was, geag vrywilligers op militêre diens te gewees het.

(2) Ondanks die bepalings van artikel 42 is 'n kragtens subartikel (1) toegekende voordeel betaalbaar vanaf die datum wat deur die raad bepaal word: Met dien verstande dat daardie datum in geen geval vroeër is nie as die datum waarop die

Decorations.

**47.** A volunteer to whom a decoration has been awarded shall be entitled to receive in addition to any pension awarded under this Act, an annuity on the prescribed basis and subject to the prescribed conditions.

Regulations.

**48.** The State President may make regulations as to—

(*a*) the constitution, venue and quorum of and the procedure to be followed by a board, a medical appeal board, a vocational board, the special pensions board and the appeal tribunal;

(*b*) the procedure to be followed and the forms to be used in connection with claims for benefits or any other matters dealt with by this Act;

(*c*) the summoning before a board referred to in paragraph (*a*) of applicants, appellants or witnesses and the payment to them of personal expenses;

(*d*) the method by and the places at which payments of benefits under this Act shall be made;

(*e*) the appointment and remuneration of assessor members of the boards referred to in Chapter V;

(*f*) the associations, institutions or organizations recognized for the purposes of sections 45 and 46;

(*g*) the defrayal of funeral expenses in the case of a volunteer who dies after the termination of his military service as the result of a pensionable disability, or while undergoing authorized treatment in respect of such a disability in an institution;

(*h*) such other matters as are necessary or useful to be prescribed for carrying out the purposes of this Act.

Repeal of laws.

**49.** (1) Subject to the provisions of subsections (2), (3), (4) and (5), the laws specified in Schedule 8 are hereby repealed to the extent set out in the third column of that Schedule.

(2) Any regulation, assessment, determination, award, grant, decision or direction made or given and any other action taken or anything else done under any provision of a law repealed by subsection (1) shall be deemed to have been made, given, taken or done under the corresponding provision of this Act.

(3) Any reference to a pension granted under any provision of this Act shall be deemed to include a reference to a pension granted under the corresponding provision of a law repealed by this Act.

(4) The repeal of any law by subsection (1) shall not detrimentally affect any person's rights under any such law.

(5) Notwithstanding the repeal, by subsection (1) of this section, of the War Pensions Laws Amendment Act, 1946 (Act No. 58 of 1946), the proviso to section 20 of that Act shall, subject to the provisions of section 23 of this Act, continue to apply in respect of any person who at the commencement of this Act is in receipt of an allowance awarded in terms of section 20*bis* of the War Pensions Act, 1942 (Act No. 44 of 1942).

Short title.

**50.** This Act shall be called the War Pensions Act, 1967.

47. 'n Vrywilliger aan wie 'n dekorasie toegeken is, is geregtig om bo en behalwe enige pensioen kragtens hierdie Wet toegeken, 'n jaargeld te ontvang op die voorgeskrewe grondslag en onderworpe aan die voorgeskrewe voorwaardes. Dekorasies.

48. Die Staatspresident kan regulasies uitvaardig met betrekking tot— Regulasies.

(*a*) die samestelling, plek van byeenkoms en kworum van en die prosedure wat gevolg moet word deur 'n raad, 'n mediese appèlraad, 'n beroepsraad, die buitengewone pensioenraad en die appèltribunaal;
(*b*) die prosedure wat gevolg en die vorms wat gebruik moet word in verband met aansprake op voordele of enige ander aangeleenthede waaroor hierdie Wet handel;
(*c*) die dagvaarding van aansoekers, appellante of getuies om voor 'n in paragraaf (*a*) bedoelde raad te verskyn en die betaling aan hulle van persoonlike onkoste;
(*d*) die metode waarvolgens en die plekke waar betalings van voordele ingevolge hierdie Wet moet geskied;
(*e*) die aanstelling en besoldiging van assessorlede van die rade in Hoofstuk V bedoel;
(*f*) die verenigings, inrigtings of organisasies wat vir die doeleindes van artikels 45 en 46 erken word;
(*g*) die dekking van begrafnisonkoste in die geval van 'n vrywilliger wat na die beëindiging van sy militêre diens as gevolg van 'n pensioengewende gebrek, of terwyl hy gemagtigde behandeling ten opsigte van so 'n gebrek in 'n inrigting ondergaan, te sterwe kom;
(*h*) die ander aangeleenthede wat nodig of nuttig is om voor te skryf ten einde die oogmerke van hierdie Wet te bereik.

49. (1) Behoudens die bepalings van subartikels (2), (3), (4) en (5), word die wette in Bylae 8 vermeld hierby herroep vir sover in die derde kolom van daardie Bylae aangedui. Herroeping van wette.

(2) Enige regulasie, vasstelling, bepaling, toekenning, beslissing of lasgewing uitgevaardig, gemaak, gegee of uitgereik en enige ander stappe of enigiets anders gedoen kragtens 'n bepaling van 'n by subartikel (1) herroepe wet, word geag kragtens die ooreenstemmende bepaling van hierdie Wet uitgevaardig, gemaak, gegee, uitgereik of gedoen te gewees het.

(3) Enige verwysing na 'n pensioen ingevolge 'n bepaling van hierdie Wet toegeken, word geag ook 'n verwysing te wees na 'n pensioen toegeken ingevolge die ooreenstemmende bepaling van 'n wet by subartikel (1) herroep.

(4) Die herroeping van 'n wet by subartikel (1) benadeel nie iemand se regte ingevolge so 'n wet nie.

(5) Ondanks die herroeping, by subartikel (1) van hierdie artikel, van die Wysigingswet op die Oorlogspensioenwette, 1946 (Wet No. 58 van 1946), bly die voorbehoudsbepaling by artikel 20 van daardie Wet, behoudens die bepalings van artikel 23 van hierdie Wet, van toepassing ten opsigte van iemand wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet in ontvangs is van 'n toelae ingevolge artikel 20*bis* van die Oorlogspensioenwet, 1942 (Wet No. 44 van 1942), toegeken.

50. Hierdie Wet heet die Oorlogspensioenwet, 1967. Kort titel.

## Schedule 1.

SCALES OF DISABLEMENT ASSESSMENTS IN RESPECT OF SPECIFIC DISABILITIES.

| Item No. | Specific Injury or Disability. | Percentage of Disablement. | |
|---|---|---|---|
| | UPPER LIMBS. | | |
| | *Notes:*<br>(*a*) Stump measurements shall be taken as follows:—<br>(i) *Upper arm:* With stump hanging down by the side, measure in a straight line from tip of acromion to the end of the bone which is palpable beneath the skin or scar tissue.<br>(ii) *Forearm:* With stump flexed to a right angle, measure in a straight line from tip of olecranon to the end of the bone which is palpable beneath the skin or scar tissue.<br>(*b*) In the case of volunteers who are certified to be left-handed the assessments shown below for right and left arms, respectively, shall be transposed. | | |
| 1. | Loss of both hands or of all fingers and both thumbs .. .. | 100 | |
| | | *Right arm.* | *Left arm.* |
| 2. | Amputation of arm at shoulder joint .. .. .. .. | 90 | 80 |
| 3. | Amputation of arm with stump less than 8 inches from tip of acromion .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 80 | 70 |
| 4. | Amputation of arm anywhere between a point 8 inches from tip of acromion and a point less than 4½ inches distal to tip of olecranon .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 70 | 60 |
| 5. | Amputation of arm at point 4½ inches or more distal to tip of olecranon, or loss of all fingers and thumb of one hand.. | 60 | 50 |
| 6. | Loss of all phalanges of thumb or four fingers of one hand .. | 40 | 30 |
| 7. | Loss of all phalanges of three fingers .. .. .. .. | 30 | 20 |
| 8. | Loss of all phalanges of two fingers.. .. .. .. .. .. | 20 | 20 |
| | LOWER LIMBS. | | |
| | *Notes:*<br>(*a*) Stump measurements shall be taken as follows:—<br>(i) *Above knee:* Measure from tip of great trochanter in a straight line over outer aspect of stump to end of bone which is palpable beneath the skin or scar tissue.<br>(ii) *Below knee:* With knee flexed measure from anterior edge of upper articular surface of the tibia in a straight line over inner aspect of stump to the end of the tibia (not the fibula) which is palpable beneath the skin or scar tissue.<br>(*b*) In order to determine middle thigh level in unilateral thigh amputations, the length of the sound femur shall be the criterion. | | |
| 9. | Loss of both feet .. .. .. .. .. .. | 100 | |
| 10. | Amputation at hip or below hip with stump not exceeding 5 inches measured from tip of great trochanter .. .. .. .. | 80 | |
| 11. | Amputation below hip with stump exceeding 5 inches measured from tip of great trochanter but not beyond middle thigh .. | 70 | |
| 12. | Amputation anywhere between middle thigh and 4 inches below knee .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 60 | |
| 13. | Amputation of leg with stump exceeding 4 inches below knee .. | 50 | |
| 14. | Modified Syme amputation .. .. .. .. .. .. | 40 | |
| 15. | Loss of all toes of both feet proximal to the proximal interphalangeal joint .. .. .. .. .. .. | 30 | |
| 16. | Loss of all toes of one foot proximal to the proximal interphalangeal joint or loss of all toes of both feet distal to the proximal interphalangeal joint .. .. .. .. .. | 20 | |
| | DEFECTIVE VISION. | | |
| 17. | Total loss of sight .. .. .. .. .. .. .. .. | 100 | |
| 18. | Loss of one eye .. .. .. .. .. .. .. .. | 50 | |
| 19. | Total loss of vision in one eye .. .. .. .. .. .. | 40 | |
| | *N.B.*—In cases of partial loss of vision the visual acuity shall be determined after correction with glasses. | | |
| | DEFECTIVE HEARING. | | |
| 20. | Total deafness .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 100 | |
| 21. | Total deafness in one ear .. .. .. .. .. .. .. | 20 | |
| | FACIAL DISFIGUREMENT. | | |
| 22. | Very severe facial disfigurement rendering the volunteer incapable of mixing with the public .. .. .. .. .. .. .. | 100 | |
| 23. | Severe facial disfigurement rendering employment in contact with the public impossible .. .. .. .. .. .. .. | 80 | |
| | OTHER DISABILITIES. | | |
| 24. | Wounds, injuries or diseases resulting in the volunteer being permanently bedridden or totally disabled .. .. .. .. | 100 | |
| 25. | Total loss of speech .. .. .. .. .. .. .. .. | 80 | |
| 26. | Loss of both testicles | 70 | |

## Bylae 1.

SKALE VAN ONGESKIKTHEIDSVASSTELLINGS TEN OPSIGTE VAN SPESIFIEKE GEBREKE.

| Item No. | Bepaalde Besering of Gebrek. | Graad van Ongeskiktheid (persentasie). | |
|---|---|---|---|
| | **BOONSTE LEDEMATE.** | | |
| | *Opmerkings:* | | |
| | (*a*) Stompmetings moet soos volg gedoen word:— | | |
| | (i) *Bo-arm:* Met stomp in 'n hangende posisie langs die sy, meet in 'n reguit lyn van die punt van die akromion tot aan die end van die been wat onder die vel of littekenweefsel voelbaar is. | | |
| | (ii) *Voorarm:* Met stomp gebuig tot 'n reghoek, meet in 'n reguit lyn van die punt van die olekranon tot aan die end van die been wat onder die vel of littekenweefsel voelbaar is. | | |
| | (*b*) In die geval van vrywilligers wat gesertifiseer is links te wees, moet die aanslag hieronder aangetoon vir onderskeidelik regter- en linkerarms omgeruil word. | | |
| 1. | Verlies van albei hande of van al die vingers en albei duime .. | 100 | |
| | | *Regter-arm.* | *Linker-arm.* |
| 2. | Afsetting van arm by skouergewrig .. .. .. .. .. | 90 | 80 |
| 3. | Afsetting van arm met stomp van minder as 8 duim van die punt van die akromion .. .. .. .. .. .. .. .. | 80 | 70 |
| 4. | Afsetting van arm op enige plek tussen 8 duim van die punt van die akromion en 'n plek minder as 4½ duim weg van die punt van die olekranon .. .. .. .. .. .. .. .. | 70 | 60 |
| 5. | Afsetting van arm op 'n plek 4½ duim of meer weg van die punt van die olekranon, of verlies van al die vingers en duim van een hand .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 60 | 50 |
| 6. | Verlies van al die litte van die duim of van vier vingers van een hand .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 40 | 30 |
| 7. | Verlies van al die litte van drie vingers .. .. .. .. .. | 30 | 20 |
| 8. | Verlies van al die litte van twee vingers .. .. .. .. .. | 20 | 20 |
| | **ONDERSTE LEDEMATE.** | | |
| | *Opmerkings:* | | |
| | (*a*) Stompmetings moet soos volg gedoen word:— | | |
| | (i) *Bo die knie:* Meet in 'n reguit lyn oor die buitekant van die stomp van die punt van die groot trokanter tot aan die end van die been wat onder die vel of littekenweefsel voelbaar is. | | |
| | (ii) *Onder die knie:* Meet met die knie gebuig, in 'n reguit lyn van die voorkant van boonste gewrigsoppervlak van die tibia oor die binnekant van die stomp tot aan die end van die tibia (nie die fibula nie) wat onder die vel of littekenweefsel voelbaar is. | | |
| | (*b*) Ten einde die middelpunt van die dy in eensydige dyafsettings te bepaal, moet die lengte van die gesonde femur as maatstaf gebruik word. | | |
| 9. | Verlies van albei voete .. .. .. .. .. .. | 100 | |
| 10. | Afsetting by heup of onder die heup met 'n stomp van nie langer as 5 duim nie, gemeet van die punt van die groot trokanter .. | 80 | |
| 11. | Afsetting onder die heup met 'n stomp langer as 5 duim, gemeet van die punt van die groot trokanter, maar nie onder die middelpunt van die dy nie .. .. .. .. .. .. .. | 70 | |
| 12. | Afsetting op enige plek tussen die middelpunt van die dy en 4 duim onder die knie .. .. .. .. .. .. .. | 60 | |
| 13. | Afsetting van been met 'n stomp van meer as 4 duim onder die knie | 50 | |
| 14. | Gewysigde Syme-afsetting .. .. .. .. .. .. .. .. | 40 | |
| 15. | Verlies van al die tone van albei voete proksimaal aan die proksimale tussenlit .. .. .. .. .. .. .. .. | 30 | |
| 16. | Verlies van al die tone van een voet proksimaal aan die proksimale tussenlit of verlies van al die tone van albei voete weg van die proksimale tussenlit .. .. .. .. .. .. | 20 | |
| | **GESIGSGEBREK.** | | |
| 17. | Algehele verlies van gesig .. .. .. .. .. .. .. | 100 | |
| 18. | Verlies van een oog .. .. .. .. .. .. .. .. | 50 | |
| 19. | Algehele verlies van gesig van een oog .. .. .. .. | 40 | |
| | *Let Wel*—In gevalle van gedeeltelike verlies van gesig word die gesigskerpheid vasgestel na verbetering met 'n bril. | | |
| | **GEHOORGEBREK.** | | |
| 20. | Algehele doofheid .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 100 | |
| 21. | Algehele doofheid in een oor .. .. .. .. .. .. | 20 | |
| | **GELAATSVERMINKING.** | | |
| 22. | Uiters ernstige gelaatsverminking wat dit vir die vrywilliger onmoontlik maak om met die publiek om te gaan .. .. | 100 | |
| 23. | Ernstige gelaatsverminking wat diens in aanraking met die publiek onmoontlik maak .. .. .. .. .. .. | 80 | |
| | **ANDER GEBREKE.** | | |
| 24. | Wonde, beserings of siektes ten gevolge waarvan die vrywilliger blywend bedlêend of algeheel ongeskik is .. .. .. .. | 100 | |
| 25. | Algehele spraakverlies .. .. .. .. .. .. .. | 80 | |

| Item No. | Specific Injury or Disability. | Percentage of Disablement. |
|---|---|---|
| | COMBINATION OF CERTAIN DISABILITIES. | |
| 29. | Loss of any two limbs .. .. .. .. .. .. | 100 |
| 30. | Loss of an arm and an eye .. .. .. .. .. .. | 100 |
| 31. | Loss of a leg and an eye .. .. .. .. .. .. | 100 |
| 32. | Loss of a hand and a foot .. .. .. .. .. .. | 100 |

*Notes:*

(*a*) The assessment of the degree of disablement in respect of disabilities not specified in this Schedule shall be on the basis of physical or mental incapacitation only and shall be made by comparison with a normally healthy person of the same age and sex, without regard to loss of earning capacity in any particular occupation.

(*b*) No combination of disabilities shall be deemed to exceed 100 per cent disablement.

| Item No. | Bepaalde Besering of Gebrek. | Graad van Ongeskiktheid (persentasie). |
|---|---|---|
| | KOMBINASIE VAN SEKERE GEBREKE. | |
| 29. | Verlies van enige twee ledemate .. .. .. .. .. | 100 |
| 30. | Verlies van 'n arm en 'n oog.. .. .. .. .. .. | 100 |
| 31. | Verlies van 'n been en 'n oog .. .. .. .. .. | 100 |
| 32. | Verlies van 'n hand en 'n voet .. .. .. .. .. | 100 |

*Opmerkings:*

(*a*) Die aanslag van die graad van ongeskiktheid ten opsigte van gebreke nie in hierdie Bylae vermeld nie word alleenlik op die grondslag van liggaamlike of geestelike ongeskiktheid vasgestel, en in vergelyking met 'n normale gesonde persoon van dieselfde ouderdom en geslag, sonder inagneming van verlies van verdienvermoë in enige besondere beroep.

(*b*) Geen kombinasie van gebreke word geag 100 persent ongeskiktheid te oorskry nie.

## Schedule 2.

DISABLEMENT PENSIONS AND ALLOWANCES FOR WIVES OR DEPENDENT HUSBANDS.

| Percentage of disablement. | European Volunteers (Male and Female). | | Non-European Volunteers (other than Bantu Volunteers). | | Bantu Volunteers. | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Disablement Pension. | Allowance for wife or dependent husband. | Disablement Pension. | Allowance for wife. | Disablement Pension. | Allowance for wife. |
| | per month. R c | per month. R c | per month. R c | per month. R c | per month. R c | per month. |
| 100 | 54.00 | 13.20 | 27.00 | 6.60 | 13.50 | 3.30 |
| 90 | 48.60 | 11.88 | 24.30 | 5.94 | 12.15 | 2.97 |
| 80 | 43.20 | 10.56 | 21.60 | 5.28 | 10.80 | 2.64 |
| 70 | 37.80 | 9.24 | 18.90 | 4.62 | 9.45 | 2.31 |
| 60 | 32.40 | 7.92 | 16.20 | 3.96 | 8.10 | 1.98 |
| 50 | 27.00 | 6.60 | 13.50 | 3.30 | 6.75 | 1.65 |
| 40 | 21.60 | 5.28 | 10.80 | 2.64 | 5.40 | 1.32 |
| 30 | 16.20 | 3.96 | 8.10 | 1.98 | 4.05 | .99 |
| 20 | 10.80 | 2.64 | 5.40 | 1.32 | 2.70 | .66 |

## Bylae 2.

ONGESKIKTHEIDSPENSIOENE EN TOELAES VIR VROUE OF AFHANKLIKE EGGENOTE.

| Persentasie van ongeskiktheid. | Blanke Vrywilligers (Manlik en Vroulik). | | Nie-blanke Vrywilligers (behalwe Bantoe-vrywilligers). | | Bantoe-vrywilligers. | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Ongeskiktheidspensioen. | Toelae vir vrou of afhanklike eggenoot. | Ongeskiktheidspensioen. | Toelae vir vrou. | Ongeskiktheidspensioen. | Toelae vir vrou. |
| | per maand. R c | per maand. R c | per maand. R c | per maand. R c | per maand. R c | per maand. R c |
| 100 | 54.00 | 13.20 | 27.00 | 6.60 | 13.50 | 3.30 |
| 90 | 48.60 | 11.88 | 24.30 | 5.94 | 12.15 | 2.97 |
| 80 | 43.20 | 10.56 | 21.60 | 5.28 | 10.80 | 2.64 |
| 70 | 37.80 | 9.24 | 18.90 | 4.62 | 9.45 | 2.31 |
| 60 | 32.40 | 7.92 | 16.20 | 3.96 | 8.10 | 1.98 |
| 50 | 27.00 | 6.60 | 13.50 | 3.30 | 6.75 | 1.65 |
| 40 | 21.60 | 5.28 | 10.80 | 2.64 | 5.40 | 1.32 |
| 30 | 16.20 | 3.96 | 8.10 | 1.98 | 4.05 | .99 |
| 20 | 10.80 | 2.64 | 5.40 | 1.32 | 2.70 | .66 |

## Schedule 3.

ALLOWANCES AND EDUCATIONAL GRANTS IN RESPECT OF THE CHILDREN OF A DISABLED VOLUNTEER.

| Percentage of volunteer's pensionable disablement. | European Volunteers (Male and Female). | | | | Non-European Volunteers (other than Bantu Volunteers). | | | | Bantu Volunteers. | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Children's Allowances. | | | | Children's Allowances | | | | Children's Allowances. | | | |
| | Each child under 6 years. | Each child of 6 years and over but under 13 years. | Each child of 13 years and over. | Educational grants. | Each child under 6 years. | Each child of 6 years and over but under 13 years. | Each child of 13 years and over. | Educational grants. | Each child under 6 years. | Each child of 6 years and over but under 13 years. | Each child of 13 years and over. | Educational grants. |
| | per month. | per month. | per month. | Not exceeding per annum. | per month. | per month. | per month. | Not exceeding per annum. | per month. | per month. | per month. | Not exceeding per annum. |
| | R c | R c | R c | R c | R c | R c | R c | R c | R c | R c | R c | R c |
| 100 | 10.00 | 11.60 | 13.20 | 96.00 | 5.00 | 5.80 | 6.60 | 48.00 | 2.50 | 2.90 | 3.30 | 24.00 |
| 90 | 9.00 | 10.44 | 11.88 | 86.40 | 4.50 | 5.22 | 5.94 | 43.20 | 2.25 | 2.61 | 2.97 | 21.60 |
| 80 | 8.00 | 9.28 | 10.56 | 76.80 | 4.00 | 4.64 | 5.28 | 38.40 | 2.00 | 2.32 | 2.64 | 19.20 |
| 70 | 7.00 | 8.12 | 9.24 | 67.20 | 3.50 | 4.06 | 4.62 | 33.60 | 1.75 | 2.03 | 2.31 | 16.80 |
| 60 | 6.00 | 6.96 | 7.92 | 57.60 | 3.00 | 3.48 | 3.96 | 28.80 | 1.50 | 1.74 | 1.98 | 14.40 |
| 50 | 5.00 | 5.80 | 6.60 | 48.00 | 2.50 | 2.90 | 3.30 | 24.00 | 1.25 | 1.45 | 1.65 | 12.00 |
| 40 | 4.00 | 4.64 | 5.28 | 38.40 | 2.00 | 2.32 | 2.64 | 19.20 | 1.00 | 1.16 | 1.32 | 9.60 |
| 30 | 3.00 | 3.48 | 3.96 | 28.80 | 1.50 | 1.74 | 1.98 | 14.40 | .75 | .87 | .99 | 7.20 |
| 20 | 2.00 | 2.32 | 2.64 | 19.20 | 1.00 | 1.16 | 1.32 | 9.60 | .50 | .58 | .66 | 4.80 |

## Bylae 3.

TOELAES EN OPVOEDINGSTOEKENNINGS TEN OPSIGTE VAN DIE KINDERS VAN 'N VRYWILLIGER WAT AAN ONGESKIKTHEID LY.

| Persentasie van vrywilliger se pensioengewende ongeskiktheid. | Blanke Vrywilligers (Manlik en Vroulik). | | | | Nie-blanke Vrywilligers (behalwe Bantoe-vrywilligers). | | | | Bantoe-vrywilligers. | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Kindertoelaes. | | | | Kindertoelaes. | | | | Kindertoelaes. | | | |
| | Elke kind onder 6 jaar | Elke kind van 6 jaar en ouer maar onder 13 jaar. | Elke kind van 13 jaar en ouer. | Opvoedingstoekennings. | Elke kind onder 6 jaar. | Elke kind van 6 jaar en ouer maar onder 13 jaar. | Elke kind van 13 jaar en ouer. | Opvoedingstoekennings. | Elke kind onder 6 jaar. | Elke kind van 6 jaar en ouer maar onder 13 jaar. | Elke kind van 13 jaar en ouer. | Opvoedingstoekennings. |
| | per maand. | per maand. | per maand. | Hoogstens per jaar. | per maand. | per maand. | per maand. | Hoogstens per jaar. | per maand. | per maand. | per maand. | Hoogstens per jaar. |
| | R c | R c | R c | R c | R c | R c | R c | R c | R c | R c | R c | R c |
| 100 | 10.00 | 11.60 | 13.20 | 96.00 | 5.00 | 5.80 | 6.60 | 48.00 | 2.50 | 2.90 | 3.30 | 24.00 |
| 90 | 9.00 | 10.44 | 11.88 | 86.40 | 4.50 | 5.22 | 5.94 | 43.20 | 2.25 | 2.61 | 2.97 | 21.60 |
| 80 | 8.00 | 9.28 | 10.56 | 76.80 | 4.00 | 4.64 | 5.28 | 38.40 | 2.00 | 2.32 | 2.64 | 19.20 |
| 70 | 7.00 | 8.12 | 9.24 | 67.20 | 3.50 | 4.06 | 4.62 | 33.60 | 1.75 | 2.03 | 2.31 | 16.80 |
| 60 | 6.00 | 6.96 | 7.92 | 57.60 | 3.00 | 3.48 | 3.96 | 28.80 | 1.50 | 1.74 | 1.98 | 14.40 |
| 50 | 5.00 | 5.80 | 6.60 | 48.00 | 2.50 | 2.90 | 3.30 | 24.00 | 1.25 | 1.45 | 1.65 | 12.00 |
| 40 | 4.00 | 4.64 | 5.28 | 38.40 | 2.00 | 2.32 | 2.64 | 19.20 | 1.00 | 1.16 | 1.32 | 9.60 |
| 30 | 3.00 | 3.48 | 3.96 | 28.80 | 1.50 | 1.74 | 1.98 | 14.40 | .75 | .87 | .99 | 7.20 |
| 20 | 2.00 | 2.32 | 2.64 | 19.20 | 1.00 | 1.16 | 1.32 | 9.60 | .50 | .58 | .66 | 4.80 |

## Schedule 4.

### ATTENDANTS' ALLOWANCES.

| European Volunteers (Male and Female). | Non-European Volunteers (other than Bantu Volunteers). | Bantu Volunteers. |
|---|---|---|
| per month. | per month. | per month. |
| R | R | R |
| 20 | 10 | 5 |

---

## Schedule 5.

### GRATUITIES PAYABLE IN FULL AND FINAL SETTLEMENT FOR DISABLEMENT ASSESSED AT LESS THAN TWENTY PER CENT.

| All Ranks. | Disablement. | |
|---|---|---|
| | 10% | Nominal (i.e. nearer 1% than 10%). |
| | R c | R c |
| European Volunteers (Male and Female) .. .. .. .. .. .. .. .. | 480.00 | 240.00 |
| Non-European Volunteers (other than Bantu Volunteers) .. .. .. .. .. .. | 240.00 | 120.00 |
| Bantu Volunteers .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 120.00 | 60.00 |

## Bylae 4.

OPPASSERSTOELAES.

| Blanke Vrywilligers (Manlik en Vroulik). | Nie-blanke Vrywilligers (behalwe Bantoe-vrywilligers). | Bantoe-vrywilligers. |
|---|---|---|
| per maand. | per maand. | per maand. |
| R | R | R |
| 20 | 10 | 5 |

---

## Bylae 5.

GRATIFIKASIES BETAALBAAR TER VOLLE VEREFFENING VAN ONGESKIKTHEID VASGESTEL OP MINDER AS TWINTIG PERSENT.

| Alle Range. | Ongeskiktheid. 10% | Ongeskiktheid. Nominaal (d.w.s. nader aan 1% as aan 10%). |
|---|---|---|
| | R c | R c |
| Blanke Vrywilligers (Manlik en Vroulik) .. .. .. .. .. .. .. .. | 480.00 | 240.00 |
| Nie-blanke Vrywilligers (behalwe Bantoe-vrywilligers) .. .. .. .. .. .. | 240.00 | 120.00 |
| Bantoe-vrywilligers .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 120.00 | 60.00 |

## Schedule 6.

BENEFITS PAYABLE TO THE WIDOWS AND THE WIDOWERS AND IN RESPECT OF THE CHILDREN OF DECEASED VOLUNTEERS.

| Deceased Volunteer. | Pension payable to widow or widower. | Allowances payable in respect of each child. | | | Gratuity payable to widow or widower. | Gratuity payable in respect of each child. | Educational grant in respect of each child. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Under the age of 6 years. | 6 years and over but under 13 years. | 13 years and over. | | | |
| | per month. | per month. | per month. | per month. | | | Not exceeding per annum. |
| | R c | R c | R c | R c | R c | R c | R c |
| European Volunteers .. .. .. .. | 43.20 | 10.00 | 11.60 | 13.20 | 264.00 | 88.00 | 96.00 |
| Non-European Volunteers (other than Bantu Volunteers) .. .. .. .. | 21.60 | 5.00 | 5.80 | 6.60 | Nil | Nil | 48.00 |
| Bantu Volunteers .. .. .. .. | 10.80 | 2.50 | 2.90 | 3.30 | Nil | Nil | 24.00 |

## Bylae 6.

VOORDELE BETAALBAAR AAN DIE WEDUWEES EN DIE WEWENAARS EN TEN OPSIGTE VAN DIE KINDERS VAN OORLEDE VRYWILLIGERS.

| Oorlede Vrywilliger. | Pensioen betaalbaar aan weduwee of wewenaar. | Toelaes betaalbaar ten opsigte van elke kind. | | | Gratifikasie aan weduwee of wewenaar betaalbaar. | Gratifikasie ten opsigte van elke kind betaalbaar. | Opvoedingstoekenning ten opsigte van elke kind. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Onder die ouderdom van 6 jaar. | 6 jaar en ouer maar onder 13 jaar. | 13 jaar en ouer. | | | |
| | per maand. | per maand. | per maand. | per maand. | | | Hoogstens per jaar. |
| | R c | R c | R c | R c | R c | R c | R c |
| Blanke Vrywilligers .. .. .. .. | 43.20 | 10.00 | 11.60 | 13.20 | 264.00 | 88.00 | 96.00 |
| Nie-blanke Vrywilligers (behalwe Bantoe-vrywilligers).. .. .. .. .. | 21.60 | 5.00 | 5.80 | 6.60 | Nul | Nul | 48.00 |
| Bantoe-vrywilligers .. .. .. .. | 10.80 | 2.50 | 2.90 | 3.30 | Nul | Nul | 24.00 |

## Schedule 7.

PENSIONS TO PARENTS AND TO DEPENDANTS (OTHER THAN WIDOWS, CHILDREN OR PARENTS) OF DECEASED VOLUNTEERS.

| Deceased Volunteer. | Pension to one surviving parent in respect of the loss of— | | Pension to two surviving parents in respect of the loss of— | | Pension to dependants (other than widow, child or parent). |
|---|---|---|---|---|---|
| | One child. | An only child or two or more children. | One child. | An only child or two or more children. | |
| | Not exceeding per month. | Not exceeding per month. | Not exceeding per month. | Not exceeding per month. | Not exceeding per month. |
| | R c | R c | R c | R c | R c |
| European Volunteers (Male and Female) .. .. | 32.48 | 48.72 | 40.60 | 60.90 | 32.48 |
| Non-European Volunteers (other than Bantu Volunteers) | 16.24 | 24.36 | 20.30 | 30.45 | 16.24 |
| Bantu Volunteers .. .. .. .. .. .. | 8.12 | 12.18 | 10.15 | 15.23 | 8.12 |

## Bylae 7.

PENSIOENE AAN OUERS EN AAN AFHANKLIKES (BEHALWE WEDUWEES, KINDERS OF OUERS) VAN OORLEDE VRYWILLIGERS.

| Oorlede Vrywilliger. | Pensioen aan een oorlewende ouer ten opsigte van die verlies van— | | Pensioen aan twee oorlewende ouers ten opsigte van die verlies van— | | Pensioen aan ander afhanklikes as 'n weduwee kind of ouer. |
|---|---|---|---|---|---|
| | Een kind. | Die enigste kind of twee of meer kinders. | Een kind. | Die enigste kind of twee of meer kinders. | |
| | Hoogstens per maand. | Hoogstens per maand. | Hoogstens per maand. | Hoogstens per maand. | Hoogstens per maand. |
| | R c | R c | R c | R c | R c |
| Blanke Vrywilligers (Manlik en Vroulik) .. .. | 32.48 | 48.72 | 40.60 | 60.90 | 32.48 |
| Nie-blanke Vrywilligers (behalwe Bantoe-vrywilligers) .. | 16.24 | 24.36 | 20.30 | 30.45 | 16.24 |
| Bantoe-vrywilligers .. .. .. .. .. | 8.12 | 12.18 | 10.15 | 15.23 | 8.12 |

## Schedule 8.

LAWS REPEALED.

| Number and year of law. | Short Title. | Extent of repeal. |
|---|---|---|
| Act No. 44 of 1942. | War Pensions Act, 1942 .. .. | The whole except section 56. |
| Act No. 33 of 1943. | Pension Laws Amendment Act, 1943. | Sections 11 to 44, inclusive, and the Schedule. |
| Act No. 48 of 1944. | Pension Laws Amendment Act, 1944. | Sections 11 to 43, inclusive. |
| Act No. 58 of 1946. | War Pensions Laws Amendment Act, 1946. | The whole. |
| Act No. 17 of 1947. | War Pensions Laws Amendment Act, 1947. | The whole. |
| Act No. 48 of 1947. | Finance Act, 1947. .. .. .. | Section 29. |
| Act No. 41 of 1948. | Pension Laws Amendment Act, 1948. | Sections 7 to 12, inclusive, and the Schedules. |
| Act No. 35 of 1949. | Pension Laws Amendment Act, 1949. | Sections 10 and 11. |
| Act No. 36 of 1950. | Finance Act, 1950. .. .. .. | Section 29. |
| Act No. 47 of 1951. | Pension Laws Amendment Act, 1951. | Sections 7, 9 and 14. |
| Act No. 49 of 1952. | Pension Laws Amendment Act, 1952. | Section 4. |
| Act No. 44 of 1953. | Pension Laws Amendment Act, 1953. | Section 8. |
| Act No. 56 of 1956. | Pension Laws Amendment Act, 1956. | Section 6. |
| Act No. 67 of 1959. | Pension Laws Amendment Act, 1959. | Sections 6, 7 and 8. |
| Act No. 92 of 1962. | Pension Laws Amendment Act, 1962. | Sections 1, 2 and 55 and the Schedules. |
| Act No. 84 of 1964. | Pension Laws Amendment Act, 1964. | Sections 1 to 5, inclusive. |
| Act No. 102 of 1965. | Pension Laws Amendment Act, 1965. | Sections 1 to 15, inclusive, the First to Sixth Schedules, inclusive, and the Eleventh to Fifteenth Schedules, inclusive. |
| Act No. 26 of 1966. | Pension Laws Amendment Act, 1966. | Sections 1 to 5, inclusive, and Schedule 1. |

## Bylae 8.

WETTE HERROEP.

| Nommer en jaartal van wet. | Kort Titel. | In hoeverre herroep. |
|---|---|---|
| Wet No. 44 van 1942. | Oorlogspensioenwet, 1942. .. .. | Die geheel behalwe artikel 56. |
| Wet No. 33 van 1943. | Wysigingswet op die Pensioenwette, 1943. | Artikels 11 tot en met 44 en die Bylae. |
| Wet No. 48 van 1944. | Wet tot Wysiging van die Pensioenwette, 1944. | Artikels 11 tot en met 43. |
| Wet No. 58 van 1946. | Wysigingswet op die Oorlogspensioenwette, 1946. | Die geheel. |
| Wet No. 17 van 1947. | Wysigingswet op die Oorlogspensioenwette, 1947. | Die geheel. |
| Wet No. 48 van 1947. | Finansiewet, 1947. .. .. .. | Artikel 29. |
| Wet No. 41 van 1948. | Wysigingswet op die Pensioenwette, 1948. | Artikels 7 tot en met 12 en die Bylaes. |
| Wet No. 35 van 1949. | Wysigingswet op die Pensioenwette, 1949. | Artikels 10 en 11. |
| Wet No. 36 van 1950. | Finansiewet, 1950. .. .. .. | Artikel 29. |
| Wet No. 47 van 1951. | Wysigingswet op die Pensioenwette, 1951. | Artikels 7, 9 en 14. |
| Wet No. 49 van 1952. | Wysigingswet op die Pensioenwette, 1952. | Artikel 4. |
| Wet No. 44 van 1953. | Wysigingswet op die Pensioenwette, 1953. | Artikel 8. |
| Wet No. 56 van 1956. | Wysigingswet op die Pensioenwette, 1956. | Artikel 6. |
| Wet No. 67 van 1959. | Wysigingswet op die Pensioenwette, 1959. | Artikels 6, 7 en 8. |
| Wet No. 92 van 1962. | Wysigingswet op die Pensioenwette, 1962. | Artikels 1, 2 en 55 en die Bylaes. |
| Wet No. 84 van 1964. | Wysigingswet op die Pensioenwette, 1964. | Artikels 1 tot en met 5. |
| Wet No. 102 van 1965. | Wysigingswet op die Pensioenwette, 1965. | Artikels 1 tot en met 15 en die Eerste tot en met die Sesde en die Elfde tot en met die Vyftiende Bylaes. |
| Wet No. 26 van 1966. | Wysigingswet op die Pensioenwette, 1966. | Artikels 1 tot en met 5 en Bylae 1. |

No. 83, 1967.]

# ACT

**To prohibit terroristic activities and to amend the law relating to criminal procedure; and to provide for other incidental matters.**

(*English text signed by the Acting State President.*)
(*Assented to 12th June*, 1967.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

**Definitions.**

**1.** In this Act, unless the context otherwise indicates—

(i) "Commissioner" means the Commissioner of the South African Police; (iii)

(ii) "detainee" means a person detained under section 6; (i)

(iii) "Minister" means the Minister of Justice; (iv)

(iv) "organization" includes any association of persons, incorporated or unincorporated and whether or not it has been established or registered in accordance with any law; (v)

(v) "Republic", includes the territory, except in sections 4 (3) and 7; (vi)

(vi) "terrorist" means any person who has committed an offence under section 2 or an act which had or was likely to have had any of the results referred to in section 2 (2); (vii)

(vii) "the territory" means the territory of South-West Africa. (ii)

**Terrorism.**

**2.** (1) Subject to the provisions of subsection (4), any person who—

(*a*) with intent to endanger the maintenance of law and order in the Republic or any portion thereof, in the Republic or elsewhere commits any act or attempts to commit, or conspires with any other person to aid or procure the commission of or to commit, or incites, instigates, commands, aids, advises, encourages or procures any other person to commit, any act; or

(*b*) in the Republic or elsewhere undergoes, or attempts, consents or takes any steps to undergo, or incites, instigates, commands, aids, advises, encourages or procures any other person to undergo any training which could be of use to any person intending to endanger the maintenance of law and order, and who fails to prove beyond a reasonable doubt that he did not undergo or attempt, consent or take any steps to undergo, or incite, instigate, command, aid, advise, encourage or procure such other person to undergo such training for the purpose of using it or causing it to be used to commit any act likely to have any of the results referred to in subsection (2) in the Republic or any portion thereof; or

(*c*) possesses any explosives, ammunition, fire-arm or weapon and who fails to prove beyond a reasonable doubt that he did not intend using such explosives, ammunition, fire-arm or weapon to commit any act likely to have any of the results referred to in subsection (2) in the Republic or any portion thereof,

shall be guilty of the offence of participation in terroristic activities and liable on conviction to the penalties provided for

No. 83, 1967.]

# WET

**Om terroristiese bedrywighede te verbied en die wetsbepalings met betrekking tot die prosedure in strafsake te wysig; en om voorsiening te maak vir ander aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

(*Engelse teks deur die Waarnemende Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 12 *Junie* 1967.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Woord-omskrywing.

**1.** In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) „aangehoudene" 'n persoon kragtens artikel 6 aangehou; (ii)

(ii) „die gebied" die gebied Suidwes-Afrika; (vii)

(iii) „Kommissaris" die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie; (i)

(iv) „Minister" die Minister van Justisie; (iii)

(v) „organisasie" ook 'n vereniging van persone met of sonder regspersoonlikheid, en ongeag of hy ooreenkomstig 'n wet ingestel of geregistreer is al dan nie; (iv)

(vi) „Republiek" ook die gebied, behalwe in artikels 4 (3) en 7; (v)

(vii) „terroris" 'n persoon wat 'n misdryf ingevolge artikel 2 of 'n daad wat enige van die in artikel 2 (2) bedoelde gevolge tot gevolg gehad het of waarskynlik kon gehad het, gepleeg het. (vi)

Terrorisme.

**2.** (1) Behoudens die bepalings van subartikel (4), is 'n persoon wat—

(*a*) met die opset om die handhawing van wet en orde in die Republiek of 'n gedeelte daarvan in gevaar te stel, in die Republiek of elders 'n daad pleeg of poog om dit te pleeg, of met 'n ander persoon saamsweer om by die pleeg van 'n daad behulpsaam te wees of dit te bewerkstellig of te pleeg, of 'n ander persoon uitlok, aanstig, beveel, hulp verleen, aanraai, aanmoedig of verkry om 'n daad te pleeg; of

(*b*) in die Republiek of elders opleiding ontvang wat van nut sou kon wees vir 'n persoon wat die ingevaarstelling van die handhawing van wet en orde beoog, of poog, inwillig of stappe doen om bedoelde opleiding te ontvang, of 'n ander persoon uitlok, aanstig, beveel, hulp verleen, aanraai, aanmoedig of verkry om bedoelde opleiding te ontvang, en wat in gebreke bly om bo redelike twyfel te bewys dat hy nie bedoelde opleiding ontvang het of gepoog, ingewillig of stappe gedoen het om dit te ontvang, of bedoelde ander persoon uitgelok, aangestig, beveel, hulp verleen, aangeraai, aangemoedig of verkry het om bedoelde opleiding te ontvang met die doel om dit te gebruik of laat gebruik om 'n daad te pleeg, wat waarskynlik die een of ander van die in subartikel (2) bedoelde gevolge in die Republiek of 'n gedeelte daarvan kan hê nie; of

(*c*) ontplofbare stowwe, ammunisie, 'n vuurwapen of wapen besit en in gebreke bly om bo redelike twyfel te bewys dat hy nie beoog het om bedoelde plofstowwe, ammunisie, vuurwapen of wapen te gebruik om 'n daad te pleeg wat waarskynlik die een of ander van die in subartikel (2) bedoelde gevolge in die Republiek of 'n gedeelte daarvan kan hê nie,

the death penalty is imposed, the imposition of a sentence of imprisonment for a period of not less than five years shall be compulsory, whether or not any other penalty is also imposed.

(2) If in any prosecution for an offence contemplated in subsection (1) (*a*) it is proved that the accused has committed or attempted to commit, or conspired with any other person to aid or procure the commission of or to commit, or incited, instigated, commanded, aided, advised, encouraged or procured any other person to commit the act alleged in the charge, and that the commission of such act, had or was likely to have had any of the following results in the Republic or any portion thereof, namely—

(*a*) to hamper or to deter any person from assisting in the maintenance of law and order;

(*b*) to promote, by intimidation, the achievement of any object;

(*c*) to cause or promote general dislocation, disturbance or disorder;

(*d*) to cripple or prejudice any industry or undertaking or industries or undertakings generally or the production or distribution of commodities or foodstuffs at any place;

(*e*) to cause, encourage or further an insurrection or forcible resistance to the Government or the Administration of the territory;

(*f*) to further or encourage the achievement of any political aim, including the bringing about of any social or economic change, by violence or forcible means or by the intervention of or in accordance with the direction or under the guidance of or in co-operation with or with the assistance of any foreign government or any foreign or international body or institution;

(*g*) to cause serious bodily injury to or endanger the safety of any person;

(*h*) to cause substantial financial loss to any person or the State;

(*i*) to cause, encourage or further feelings of hostility between the White and other inhabitants of the Republic;

(*j*) to damage, destroy, endanger, interrupt, render useless or unserviceable or put out of action the supply or distribution at any place of light, power, fuel, foodstuffs or water, or of sanitary, medical, fire extinguishing, postal, telephone or telegraph services or installations, or radio transmitting, broadcasting or receiving services or installations;

(*k*) to obstruct or endanger the free movement of any traffic on land, at sea or in the air;

(*l*) to embarrass the administration of the affairs of the State,

the accused shall be presumed to have committed or attempted to commit, or conspired with such other person to aid or procure the commission of or to commit, or incited, instigated, commanded, aided, advised, encouraged or procured such other person to commit, such act with intent to endanger the maintenance of law and order in the Republic, unless it is proved beyond a reasonable doubt that he did not intend any of the results aforesaid.

(3) In any prosecution for an offence under this section, any document, book, record, pamphlet, publication or written instrument—

(*a*) which has been found in or removed from the possession, custody or control of the accused or of any person who was at any time before or after the commencement of this Act an office-bearer, officer, member or active supporter of an organization of which the accused is or was an office-bearer, officer, member or active supporter;

(*b*) which has been found in or removed from any office or other premises occupied or used at any time before or after the commencement of this Act by an organization of which the accused is or was an office-bearer, officer, member or active supporter or by any person

verstande dat behalwe waar die doodvonnis opgelê word, die oplegging van gevangenisstraf vir 'n tydperk van minstens vyf jaar verpligtend is, hetsy 'n ander straf ook opgelê word al dan nie.

(2) Indien daar by 'n vervolging weens 'n in subartikel (1) (*a*) beoogde misdryf bewys word dat die beskuldigde die daad in die klagstaat beweer, gepleeg het of gepoog het om bedoelde daad te pleeg, of met 'n ander persoon saamgesweer het om by die pleeg van daardie daad behulpsaam te wees of dit te bewerkstellig of te pleeg, of 'n ander persoon uitgelok, aangestig, beveel, hulp verleen, aangeraai, aangemoedig of verkry het om bedoelde daad te pleeg, en dat die pleeg van bedoelde daad, die een of ander van die volgende gevolge in die Republiek of 'n gedeelte daarvan gehad het of waarskynlik kon gehad het, naamlik—

(*a*) om die handhawing van wet en orde te bemoeilik of om 'n persoon af te skrik om daarmee behulpsaam te wees;

(*b*) om deur vreesaanjaging die verwesenliking van die een of ander oogmerk te bevorder;

(*c*) om algemene ontwrigting, stoornis of wanorde te veroorsaak of te bevorder;

(*d*) om 'n nywerheid of onderneming of nywerhede of ondernemings oor die algemeen of die produksie of verspreiding van handels- of voedselware op enige plek te verlam of te benadeel;

(*e*) om 'n opstand of gewelddadige verset teen die Regering of die Administrasie van die gebied te veroorsaak, aan te moedig of te bevorder;

(*f*) om die verwesenliking van 'n politieke doelstelling, met inbegrip van die teweegbring van 'n maatskaplike of ekonomiese verandering deur geweld of op gewelddadige wyse of deur tussenkoms van of ooreenkomstig die voorskrifte van of onder leiding van of in samewerking met of met die hulp van 'n buitelandse regering of 'n buitelandse of internasionale liggaam of instelling, te bevorder of aan te moedig;

(*g*) om 'n persoon ernstige liggaamlike letsels toe te dien of om die veiligheid van 'n persoon in gevaar te stel;

(*h*) om 'n persoon of die Staat aansienlike geldelike verlies te berokken;

(*i*) om vyandiggesindheid tussen die blanke en ander inwoners van die Republiek te veroorsaak, aan te moedig of te bevorder;

(*j*) om die verskaffing of verspreiding op enige plek van lig, krag, brandstof, voedselware of water, of van sanitêre, mediese, brandweer-, pos-, telefoon- of telegraafdienste of -installasies, of radio-oorsendings-, radio-uitsaai- of radio-ontvangsdienste of -installasies te beskadig, vernietig, in gevaar te stel, te onderbreek, nutteloos of onbruikbaar te maak of buite werking te stel;

(*k*) om die vrye beweging van verkeer op land, ter see of in die lug te belemmer of in gevaar te stel;

(*l*) om die administrasie van landsake te bemoeilik,

word daar vermoed dat die beskuldigde bedoelde daad gepleeg het of gepoog het om dit te pleeg, of met bedoelde ander persoon saamgesweer het om by die pleeg van daardie daad behulpsaam te wees of dit te bewerkstellig of te pleeg, of bedoelde ander persoon uitgelok, aangestig, beveel, hulp verleen, aangeraai, aangemoedig of verkry het om bedoelde daad te pleeg met die opset om die handhawing van wet en orde in die Republiek in gevaar te stel, tensy daar bo redelike twyfel bewys word dat hy nie die een of ander van voormelde gevolge beoog het nie.

(3) By 'n vervolging weens 'n misdryf ingevolge hierdie artikel, is 'n dokument, boek, rekord, pamflet, publikasie of geskrif—

(*a*) wat gevind is in of verwyder is uit die besit, bewaring of beheer van die beskuldigde of van 'n persoon wat te eniger tyd vóór of ná die inwerkingtreding van hierdie Wet 'n ampsdraer, beampte, lid of aktiewe ondersteuner was van 'n organisasie waarvan die beskuldigde 'n ampsdraer, beampte, lid of aktiewe ondersteuner is of was;

(*b*) wat gevind is in of verwyder is uit 'n kantoor of ander perseel wat te eniger tyd vóór of ná die inwerkingtreding van hierdie Wet geokkupeer of gebruik is deur 'n organisasie waarvan die beskuldigde 'n ampsdraer, beampte, lid of aktiewe ondersteuner is of was of deur

(*c*) which on the face thereof has been compiled, kept, maintained, used, issued or published by or on behalf of an organization of which the accused is or was an office-bearer, officer, member or active supporter or by or on behalf of any person having a name corresponding substantially to that of the accused,

and any photostatic copy of any such document, book, record, pamphlet, publication or written instrument, shall be admissible in evidence against the accused as *prima facie* proof of the contents thereof.

(4) No person shall be convicted of an offence under subsection (1) committed at any place outside the Republic, if such person proves that he is not a South African citizen and has not at any time before or after the commencement of this Act been resident in the Republic and that he has not at any time after such commencement, entered or been in the Republic in contravention of any law.

**Harbouring or concealing of or rendering assistance to terrorists.**

**3.** Any person who harbours or conceals or directly or indirectly renders any assistance to any other person whom he has reason to believe to be a terrorist, shall be guilty of an offence and liable on conviction to the penalties provided by law for the offence of treason: Provided that, except where the death penalty is imposed, the imposition of a sentence of imprisonment for a period of not less than five years shall be compulsory, whether or not any other penalty is imposed.

**Jurisdiction and venue.**

**4.** (1) Notwithstanding anything to the contrary in any law or the common law contained any superior court or attorney-general in the Republic shall have jurisdiction in respect of any offence under this Act committed outside the area of jurisdiction of such court or attorney-general, as if it had been committed within such area.

(2) If the Minister so directs the trial of any person for an offence under this Act, shall take place at such place in the Republic as the Minister may determine.

(3) Whenever the trial for an offence under this Act committed in the territory or elsewhere outside the Republic, takes place in the Republic, whether or not on the instructions of the Minister, the laws relating to procedure and evidence of the Republic shall apply in respect of such trial and whenever the trial for such an offence committed in the Republic or elsewhere outside the territory so takes place in the territory, the laws relating to procedure and evidence of the territory shall so apply.

**Procedure at the trial of persons for offences under this Act.**

**5.** Notwithstanding anything to the contrary in any law or the common law contained—

(*a*) any person charged in the Republic, excluding the territory, with having committed an offence under this Act, shall be tried by a judge without a jury as if the provisions of sections 109 and 110 of the Criminal Procedure Act, 1955 (Act No. 56 of 1955), applied in respect of his trial;

(*b*) the trial of any person accused of having committed any offence under this Act may, subject to the provisions of section 4, be held at any time and at any place within the area of jurisdiction of the division of the Supreme Court of South Africa concerned;

(*c*) whenever two or more persons are in any indictment, summons or charge alleged to have committed, whether jointly or severally, offences under this Act, such persons may be tried jointly for such offences on that indictment, summons or charge;

(*d*) any person accused of having committed an offence under this Act shall be tried summarily without a preparatory examination having been instituted against him;

(*e*) the procedure prescribed by law in respect of a criminal trial in a magistrate's court shall *mutatis mutandis* apply in respect of the trial of any such person before plea;

(*f*) no person detained in custody on a charge of having committed an offence under this Act, shall be released on bail or otherwise, before sentence has been passed

(*c*) wat oënskynlik deur of namens 'n organisasie waarvan die beskuldigde 'n ampsdraer, beampte, lid of aktiewe ondersteuner is of was of deur of namens 'n persoon met 'n naam wat in hoofsaak met dié van die beskuldigde ooreenstem, opgestel, aangehou, in stand gehou, gebruik, uitgereik of gepubliseer is,

en 'n fotostatiese afdruk van so 'n dokument, boek, rekord, pamflet, publikasie of geskrif, as getuienis teen die beskuldigde toelaatbaar as *prima facie*-bewys van die inhoud daarvan.

(4) Geen persoon word aan 'n misdryf ingevolge subartikel (1) wat op 'n plek buite die Republiek gepleeg is, skuldig bevind nie, indien daardie persoon bewys dat hy nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie en nie te eniger tyd vóór of ná die inwerkingtreding van hierdie Wet in die Republiek woonagtig was nie en dat hy nie te eniger tyd ná bedoelde inwerkingtreding in stryd met 'n wetsbepaling die Republiek binnegekom het of daarin was nie.

Die herberg of versteek van of hulpverlening aan terroriste.

**3.** 'n Persoon wat rede het om te vermoed dat 'n ander persoon 'n terroris is en daardie ander persoon herberg of versteek of regstreeks of onregstreeks aan hom hulp verleen, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met die strawwe wat by wet vir die misdryf van hoogverraad bepaal word: Met dien verstande dat behalwe waar die doodvonnis opgelê word, die oplegging van gevangenisstraf vir 'n tydperk van minstens vyf jaar verpligtend is, hetsy 'n ander straf ook opgelê word al dan nie.

Regsbevoegdheid en plek van verhoor.

**4.** (1) Ondanks andersluidende wetsbepalings of gemeenregtelike bepalings, besit enige hoërhof of prokureur-generaal in die Republiek ten opsigte van enige misdryf ingevolge hierdie Wet wat buite die regsgebied van daardie hof of prokureur-generaal gepleeg is, regsbevoegdheid asof dit binne bedoelde regsgebied gepleeg is.

(2) Indien die Minister dit gelas, moet die verhoor van 'n persoon weens 'n misdryf ingevolge hierdie Wet plaasvind op die plek in die Republiek wat die Minister bepaal.

(3) Wanneer die verhoor weens 'n misdryf ingevolge hierdie Wet wat in die gebied of elders buite die Republiek gepleeg is, in die Republiek plaasvind, hetsy in opdrag van die Minister al dan nie, is die wetsbepalings met betrekking tot prosedure en bewysleer van die Republiek ten opsigte van bedoelde verhoor van toepassing en wanneer die verhoor weens so 'n misdryf wat in die Republiek of elders buite die gebied gepleeg is, aldus in die gebied plaasvind, is die wetsbepalings met betrekking tot prosedure en bewysleer van die gebied aldus van toepassing.

Prosedure by verhoor van persone weens misdrywe ingevolge hierdie wet.

**5.** Ondanks andersluidende wetsbepalings of gemeenregtelike bepalings—

(*a*) word 'n persoon wat in die Republiek, met uitsondering van die gebied, daarvan aangekla word dat hy 'n misdryf ingevolge hierdie Wet gepleeg het, deur 'n regter sonder 'n jurie verhoor asof die bepalings van artikels 109 en 110 van die Strafproseswet, 1955 (Wet No. 56 van 1955), ten opsigte van sy verhoor van toepassing is;

(*b*) kan die verhoor van 'n persoon wat daarvan beskuldig word dat hy 'n misdryf ingevolge hierdie Wet gepleeg het, behoudens die bepalings van artikel 4, te eniger tyd en op enige plek binne die regsgebied van die betrokke afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika plaasvind;

(*c*) kan, wanneer daar in 'n akte van beskuldiging, dagvaarding of klagskrif beweer word dat twee of meer persone, hetsy gesamentlik of afsonderlik, misdrywe ingevolge hierdie Wet gepleeg het, daardie persone gesamentlik weens bedoelde misdrywe op daardie akte van beskuldiging, dagvaarding of klagskrif verhoor word;

(*d*) word 'n persoon wat daarvan beskuldig word dat hy 'n misdryf ingevolge hierdie Wet gepleeg het, summier verhoor sonder dat 'n voorlopige ondersoek teen hom ingestel was;

(*e*) is die by wet voorgeskrewe prosedure ten opsigte van 'n strafverhoor in 'n landdroshof *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van die verhoor van so 'n persoon voordat hy pleit;

(*f*) word 'n persoon wat in hegtenis is op 'n aanklag dat hy 'n misdryf ingevolge hierdie Wet gepleeg het, nie voordat vonnis gevel is of hy ontslaan is, op borgtog of

(*g*) no person shall on trial for or conviction of an offence under this Act be dealt with under section 159, 342, 345 or 352 of the Criminal Procedure Act, 1955 (Act No. 56 of 1955), or the corresponding provisions of the Criminal Procedure Ordinance, 1963 (Ordinance No. 34 of 1963), of the territory;

(*h*) acquittal on a charge of having committed an offence under section 2 shall not preclude the arraignment of the person acquitted on any other charge arising out of the acts alleged in respect of the charge of such offence.

Detention of terrorists and certain other persons for interrogation.

**6.** (1) Notwithstanding anything to the contrary in any law contained, any commissioned officer as defined in section 1 of the Police Act, 1958 (Act No. 7 of 1958), of or above the rank of Lieutenant-Colonel may, if he has reason to believe that any person who happens to be at any place in the Republic, is a terrorist or is withholding from the South African Police any information relating to terrorists or to offences under this Act, arrest such person or cause him to be arrested, without warrant and detain or cause such person to be detained for interrogation at such place in the Republic and subject to such conditions as the Commissioner may, subject to the directions of the Minister, from time to time determine, until the Commissioner orders his release when satisfied that he has satisfactorily replied to all questions at the said interrogation or that no useful purpose will be served by his further detention, or until his release is ordered in terms of subsection (4).

(2) The commissioner shall, as soon as possible after the arrest of any detainee, advise the Minister of his name and the place where he is being detained, and shall furnish the Minister once a month with the reasons why any detainee shall not be released.

(3) Any detainee may at any time make representations in writing to the Minister relating to his detention or release.

(4) The Minister may at any time order the release of any detainee.

(5) No court of law shall pronounce upon the validity of any action taken under this section, or order the release of any detainee.

(6) No person, other than the Minister or an officer in the service of the State acting in the performance of his official duties, shall have access to any detainee, or shall be entitled to any official information relating to or obtained from any detainee.

(7) If circumstances so permit, a detainee shall be visited in private by a magistrate at least once a fortnight.

Legal force of process in criminal proceedings in the Republic and South-West Africa.

**7.** (1) Notwithstanding anything to the contrary in any law contained, any warrant, summons, subpoena or other process issued under any law of the Republic or of the territory in connection with any criminal proceedings, shall be of force and effect throughout the Republic and the territory.

(2) Whenever any person has been arrested in the territory under any warrant aforesaid issued in the Republic, or has been arrested in the Republic under any such warrant issued in the territory, he shall, as soon as possible, be taken to the place mentioned in such warrant or, if no such place is mentioned in the warrant, to the place where the warrant was issued, and if such person has escaped or has been rescued from custody, he may be arrested without warrant at any place in the Republic or the territory by any person.

Trial only at the instance of the attorney-general or acting attorney-general.

**8.** No trial for an offence under this Act shall be instituted without the written authority given personally by an attorney-general or acting attorney-general.

Commencement and application of this Act.

**9.** (1) This Act, except sections 3, 6 and 7, shall be deemed to have come into operation on the twenty-seventh day of June, 1962, and shall, notwithstanding anything to the contrary in any law or the common law contained, apply also in respect of or with reference to any act committed (including the under-

(*g*) word daar met geen persoon by verhoor weens of skuldigbevinding aan 'n misdryf ingevolge hierdie Wet, kragtens artikel 159, 342, 345 of 352 van die Strafproseswet, 1955 (Wet No. 56 van 1955), of die ooreenstemmende bepalings van die Strafprosesordonnansie, 1963, (Ordonnansie No. 34 van 1963), van die gebied gehandel nie;

(*h*) belet vryspraak op 'n aanklag weens die pleeg van 'n misdryf ingevolge artikel 2 nie die voorbrenging van die vrygespreekte persoon op 'n ander aanklag wat voortvloei uit die dade hom ten opsigte van die aanklag weens bedoelde misdryf ten laste gelê nie.

Aanhouding van terroriste en sekere ander persone vir ondervraging.

**6.** (1) Ondanks andersluidende wetsbepalings, kan 'n offisier soos omskrywe in artikel 1 van die Polisiewet, 1958 (Wet No. 7 van 1958), met of bo die rang van luitenant-kolonel, indien hy rede het om te vermoed dat 'n persoon wat hom op enige plek in die Republiek bevind, 'n terroris is of inligting met betrekking tot terroriste of tot misdrywe ingevolge hierdie Wet van die Suid-Afrikaanse Polisie weerhou, bedoelde persoon sonder lasbrief in hegtenis neem of laat neem en by die plek in die Republiek en op die voorwaardes wat die Kommissaris, behoudens die voorskrifte van die Minister, van tyd tot tyd bepaal, vir ondervraging aanhou of laat aanhou, totdat die Kommissaris sy vrylating beveel wanneer hy oortuig is dat die aangehoudene alle vrae by dié ondervraging bevredigend beantwoord het of dat dit nutteloos sal wees om hom langer aan te hou, of totdat die aangehoudene se vrylating kragtens subartikel (4) beveel word.

(2) Die Kommissaris moet, so spoedig moontlik na inhegtenisneming van 'n aangehoudene, sy naam en die plek waar hy aangehou word aan die Minister meedeel en moet eenkeer per maand aan die Minister die redes verstrek waarom 'n aangehoudene nie vrygelaat moet word nie.

(3) 'n Aangehoudene kan te eniger tyd aan die Minister skriftelike vertoë met betrekking tot sy aanhouding of vrylating rig.

(4) Die Minister kan te eniger tyd die vrylating van 'n aangehoudene beveel.

(5) Geen geregshof is bevoeg om uitspraak te doen oor die geldigheid van enige optrede ingevolge hierdie artikel, of om die vrylating van 'n aangehoudene te beveel nie.

(6) Geen persoon, behalwe die Minister of 'n beampte in diens van die Staat wat by die verrigting van sy ampspligte optree, het toegang tot 'n aangehoudene, of is op enige amptelike inligting met betrekking tot of verkry van 'n aangehoudene, geregtig nie.

(7) Indien omstandighede dit toelaat, moet 'n aangehoudene minstens eenkeer elke veertien dae deur 'n landdros in afsondering besoek word.

Regskrag van prosesstukke in strafsake in die Republiek en Suidwes-Afrika.

**7.** (1) Ondanks andersluidende wetsbepalings, is 'n lasbrief, dagvaarding, getuiedagvaarding of ander prosesstuk wat ingevolge 'n wetsbepaling van die Republiek of van die gebied in verband met 'n strafsaak uitgereik word, oral in die Republiek en die gebied van krag.

(2) Wanneer 'n persoon in die gebied in hegtenis geneem is ingevolge 'n voormelde lasbrief wat in die Republiek uitgereik is, of in die Republiek in hegtenis geneem is ingevolge so 'n lasbrief wat in die gebied uitgereik is, word hy so spoedig moontlik na die in die lasbrief vermelde plek geneem of, indien geen sodanige plek in die lasbrief vermeld word nie, na die plek waar die lasbrief uitgereik is, en indien hy ontvlug het of wederregtelik uit hegtenis bevry is, kan hy op enige plek in die Republiek of die gebied deur enige persoon sonder lasbrief in hegtenis geneem word.

Verhoor word slegs in opdrag van prokureur-generaal of waarnemende prokureur-generaal ingestel.

**8.** Geen verhoor weens 'n misdryf ingevolge hierdie Wet word sonder skriftelike magtiging deur 'n prokureur-generaal of waarnemende prokureur-generaal persoonlik verstrek, ingestel nie.

Inwerkingtreding en toepassing van Wet.

**9.** (1) Hierdie Wet, behalwe artikels 3, 6 en 7, word geag op die sewe-en-twintigste dag van Junie 1962 in werking te getree het en is, ondanks andersluidende wetsbepalings of gemeenregtelike bepalings, ook van toepassing ten opsigte van of met ...

(2) This Act and any amendment thereof which may be made from time to time, shall apply also in the territory, including the Eastern Caprivi Zipfel referred to in section 3 of the South-West Africa Affairs Amendment Act, 1951 (Act No. 55 of 1951), and in relation to all persons in that portion of the territory known as the "Rehoboth Gebiet" and defined in the First Schedule to Proclamation No. 28 of 1923 of the territory.

Short title.

**10.** This Act shall be called the Terrorism Act, 1967.

(2) Hierdie Wet en enige wysiging daarvan wat van tyd tot tyd aangebring word, is ook van toepassing in die gebied, met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel vermeld in artikel 3 van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika, 1951 (Wet No. 55 van 1951), en met betrekking tot alle persone in daardie gedeelte van die gebied bekend as die „Rehoboth Gebiet" en omskrywe in die Eerste Bylae by Proklamasie No. 28 van 1923, van die gebied.

**10.** Hierdie Wet heet die Wet op Terrorisme, 1967. **Kort titel.**

No. 88, 1967.]

# ACT

**To promote co-ordinated physical planning and the utilization of the Republic's resources and for those purposes to provide for control of the zoning and subdivision of land for industrial purposes and of the establishment or extension of factories, for the establishment of controlled areas, for restrictions upon the subdivision and use of land in controlled areas and for other matters incidental thereto.**

(*Afrikaans text signed by the Acting State President.*)
(*Assented to* 19*th June*, 1967.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

**Definitions.**

**1.** In this Act, unless the context otherwise indicates—

(i) "Administrator" means the Administrator of a province acting on the advice of the executive committee thereof; (i)

(ii) "building" includes any structure; (v)

(iii) "business" means any trade or occupation specified in the Second Schedule to the Licences Act, 1962 (Act No. 44 of 1962); (iii)

(iv) "controlled area" means an area declared or deemed to have been declared a controlled area under section 5 and includes an area declared or deemed to have been declared under the said section to form part of a controlled area; (ii)

(v) "factory" means a factory as defined in section 3 of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941 (Act No. 22 of 1941), and includes any premises on which an activity is carried on which the State President, by proclamation in the *Gazette*, declares a factory for the purposes of this Act; (iv)

(vi) "land" includes any portion of land and any building; (vi)

(vii) "Minister" means the Minister of Planning; (viii)

(viii) "resources" includes land, minerals, water, means of generating power, labour and means of transport. (vii)

**Zoning and subdivision of land for industrial purposes.**

**2.** (1) Without the prior written approval of the Minister—

(*a*) no town planning scheme or any amendment thereof which provides for the zoning for industrial purposes, of land not zoned for such purposes, may be approved;

(*b*) no land zoned for industrial purposes may be subdivided; and

(*c*) no industrial township may be established.

(2) The Minister may in his discretion withhold or grant his approval referred to in subsection (1), and if he grants it, he may impose such conditions as he may deem fit, including

No. 88, 1967.]

# WET

**Tot bevordering van gekoördineerde fisiese beplanning en benutting van die Republiek se hulpbronne en om vir daardie doeleindes voorsiening te maak vir beheer oor die sonering en onderverdeling van grond vir nywerheidsdoeleindes en oor die oprigting of uitbreiding van fabrieke, vir die instelling van beheerde gebiede, vir beperkings op die onderverdeling en gebruik van grond in beheerde gebiede en vir ander aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

(*Afrikaanse teks deur die Waarnemende Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 19 *Junie* 1967.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**1.** In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken— **Woordbepaling.**

(i) „Administrateur" die Administrateur van 'n provinsie handelend op advies van die uitvoerende komitee daarvan; (i)

(ii) „beheerde gebied" 'n gebied wat kragtens artikel 5 tot 'n beheerde gebied verklaar is of wat geag word kragtens genoemde artikel tot 'n beheerde gebied verklaar te gewees het en ook 'n gebied wat kragtens genoemde artikel tot deel van 'n beheerde gebied verklaar is of wat geag word kragtens genoemde artikel tot deel van 'n beheerde gebied verklaar te gewees het; (iv)

(iii) „besigheid" enige handelsbesigheid of beroep vermeld in die Tweede Bylae by die Wet op Lisensies, 1962 (Wet No. 44 van 1962); (iii)

(iv) „fabriek" 'n fabriek soos in artikel 3 van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941 (Wet No. 22 van 1941) omskryf, en ook 'n perseel waarop 'n bedrywigheid voortgesit word wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* tot 'n fabriek vir die doeleindes van hierdie Wet verklaar; (v)

(v) „gebou" ook enige bouwerk; (ii)

(vi) „grond" ook 'n gedeelte van grond en 'n gebou; (vi)

(vii) „hulpbronne" ook grond, minerale, water, middels vir die opwekking van krag, arbeid en vervoermiddels; (viii)

(viii) „Minister" die Minister van Beplanning. (vii)

**2.** (1) Sonder die voorafgaande skriftelike goedkeuring van die Minister— **Sonering en onderverdeling van grond vir nywerheidsdoeleindes.**

(*a*) mag geen dorpsaanleg- of dorpsbeplanningskema of enige wysiging daarvan waarin voorsiening gemaak word vir die sonering vir nywerheidsdoeleindes van grond wat nie vir daardie doeleindes gesoneer is nie, goedgekeur word nie;

(*b*) mag geen grond wat vir nywerheidsdoeleindes gesoneer is, onderverdeel word nie; en

(*c*) mag geen nywerheidsdorp gestig word nie.

(2) Die Minister kan sy in subartikel (1) bedoelde goedkeuring na goeddunke weerhou of verleen, en as hy dit verleen, kan hy die voorwaardes oplê wat hy goedvind, met inbegrip van

(3) Any condition imposed by the Minister under subsection (2) shall, according to the circumstances, be incorporated in the town planning scheme concerned or in the conditions of title of the land concerned or in the conditions of establishment of the industrial township concerned.

Establishment and extension of factories.

**3.** (1) No person shall, without the prior written approval of the Minister, establish or extend a factory or a factory of a particular class with reference to the establishment or extension of which this subsection applies.

(2) The State President may by proclamation in the *Gazette* declare subsection (1) to apply with reference to the establishment or extension of—

(*a*) a class of factory specified in the proclamation; or

(*b*) a class of factory specified in the proclamation either within or outside an area defined in the proclamation; or

(*c*) all factories either within or outside an area defined in the proclamation; or

(*d*) all factories, except a class of factory specified in the proclamation, either within or outside an area defined in the proclamation.

(3) The Minister may in his discretion, withhold or grant his approval referred to in subsection (1), and if he grants it, he may impose such conditions as he may deem fit, inlcuding conditions in connection with labour, housing, the consumption of water or any other matter which in his opinion is relevant.

(4) For the purpose of subsection (1) an extension of a factory means any increase in the number of Bantu employees employed in such factory.

Utilization of resources and determination of purpose for which land may be used.

**4.** (1) The Minister may, after consultation with the Administrator or Administrators of the province or provinces concerned, cause an investigation to be made into the manner in which the resources of the Republic or any portion thereof may best be exploited, developed or utilized, and may, subject to the provisions of any other law, by notice in the *Gazette* declare that any land involved in such investigation and specified in such notice, may be used only for a particular purpose, likewise specified.

(2) As from the date of the relevant notice issued in terms of subsection (1), no person shall, except under the authority of a permit, use any land specified in the notice for any purpose other than the particular purpose specified in the notice or the purpose for which it was being used at that date.

(3) Any servitude registered against or condition contained in the title deed of land, shall be suspended in so far as it prohibits or restricts the use of such land for the particular purpose determined by the Minister in terms of subsection (1) or authorized by permit in terms of section 8 (1) (*a*) (i).

Establishment and disestablishment of controlled areas.

**5.** (1) If the State President is satisfied—

(*a*) that an area should be declared a controlled area or part of an existing controlled area, he may by proclamation in the *Gazette* declare that area, as defined in the proclamation, a controlled area, or part of a controlled area as from a date specified therein;

(*b*) that any controlled area or any part thereof should be disestablished, he may by proclamation in the *Gazette* declare that such area or the part thereof defined in the proclamation, shall, as from a date specified therein, cease to be a controlled area or part of a controlled area, as the case may be.

(2) No proclamation shall be issued under subsection (1) unless in each case the Minister has previously consulted the

(3) Enige voorwaarde deur die Minister kragtens subartikel (2) opgelê, word, na gelang van die omstandighede, in die betrokke dorpsaanleg- of dorpsbeplanningskema of in die titelvoorwaardes van die betrokke grond of in die stigtingsvoorwaardes van die betrokke nywerheidsdorp opgeneem.

**Oprigting en uitbreiding van fabrieke.**

**3.** (1) Niemand mag, sonder die voorafgaande skriftelike goedkeuring van die Minister, 'n fabriek of 'n fabriek van 'n bepaalde soort, met betrekking tot die oprigting of uitbreiding waarvan hierdie subartikel van toepassing is, oprig of uitbrei nie.

(2) Die Staatspresident kan subartikel (1) by proklamasie in die *Staatskoerant* van toepassing verklaar met betrekking tot die oprigting of uitbreiding van—

(*a*) 'n soort fabriek in die proklamasie vermeld; of

(*b*) 'n soort fabriek in die proklamasie vermeld òf binne òf buite 'n gebied in die proklamasie omskryf; of

(*c*) alle fabrieke òf binne òf buite 'n gebied in die proklamasie omskryf; of

(*d*) alle fabrieke, behalwe 'n soort fabriek in die proklamasie vermeld, òf binne òf buite 'n gebied in die proklamasie omskryf.

(3) Die Minister kan sy in subartikel (1) bedoelde goedkeuring na goeddunke weerhou of verleen, en as hy dit verleen, kan hy die voorwaardes oplê wat hy goedvind, met inbegrip van voorwaardes in verband met arbeid, behuising, waterverbruik, of enige ander aangeleentheid wat na sy oordeel ter sake is.

(4) By die toepassing van subartikel (1) beteken die uitbreiding van 'n fabriek 'n vermeerdering in die getal Bantoewerknemers in diens by daardie fabriek.

**Benutting van hulpbronne en bepaling van doel waarvoor grond gebruik mag word.**

**4.** (1) Die Minister kan, na raadpleging van die Administrateur of Administrateurs van die betrokke provinsie of provinsies, ondersoek laat instel na die wyse waarop die hulpbronne van die Republiek of 'n gedeelte daarvan die beste ontgin, ontwikkel of benut kan word, en kan, behoudens die bepalings van 'n ander wet, by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal dat grond wat by so 'n ondersoek betrek is en wat in die kennisgewing vermeld word, slegs vir 'n besondere doel, insgelyks vermeld, gebruik mag word.

(2) Vanaf die datum van die toepaslike kennisgewing uitgereik ingevolge subartikel (1) mag niemand, behalwe uit hoofde van 'n permit, die grond in die kennisgewing vermeld, gebruik nie behalwe vir die besondere doel in die kennisgewing vermeld of die doel waarvoor dit op daardie datum gebruik is.

(3) Enige serwituut geregistreer teen of voorwaarde vervat in die titelbewys van grond word opgehef vir sover dit die gebruik van sodanige grond vir die besondere doel deur die Minister ingevolge subartikel (1) bepaal of by permit ingevolge artikel 8 (1) (*a*) (i) gemagtig, verbied of beperk.

**Instelling en opheffing van beheerde gebiede.**

**5.** (1) Indien die Staatspresident oortuig is—

(*a*) dat 'n gebied tot 'n beheerde gebied of tot deel van 'n bestaande beheerde gebied verklaar behoort te word, kan hy by proklamasie in die *Staatskoerant* daardie gebied, soos in die proklamasie omskryf, met ingang vanaf 'n daarin vermelde datum tot 'n beheerde gebied of tot deel van 'n beheerde gebied verklaar;

(*b*) dat 'n beheerde gebied of 'n gedeelte daarvan opgehef behoort te word, kan hy by proklamasie in die *Staatskoerant* verklaar dat daardie gebied of die in die proklamasie omskrewe gedeelte daarvan, met ingang van 'n daarin vermelde datum, na gelang van die geval, nie meer 'n beheerde gebied is nie of nie meer deel van 'n beheerde gebied is nie.

(2) Geen proklamasie word kragtens subartikel (1) uitgereik tensy die Minister in iedere geval die

Restriction upon subdivision and use of land in controlled areas.

**6.** (1) Subject to subsection (2), no person shall, except under the authority of a permit and in accordance with a conditions specified therein—

(*a*) subdivide land in a controlled area; or

(*b*) grant to any person the right to an undivided share in land in a controlled area; or

(*c*) use such land for a purpose for which it was not being used on the date as from which the area concerned was or is declared a controlled area or part of a controlled area.

(2) Subsection (1) shall not apply in respect of—

(*a*) any area, immovable property, building, land or premises which is the subject of a proclamation issued or deemed to have been issued in terms of section 19, 23, 24 or 25 of the Group Areas Act, 1966 (Act No. 36 of 1966);

(*b*) the subdivision of, or the granting of a right to an undivided share in, land—

(i) devolving by inheritance, provided no portion or undivided share assigned to any person is less than that to which he would be entitled in accordance with the provisions of the testamentary disposition concerned or by intestate succession; or

(ii) in pursuance of an order of court made before the date on which the area concerned was or is declared a controlled area or part of a controlled area; or

(iii) if a lawful contract for the granting of an undivided share was entered into or the surveyor completed the survey and submitted his subdivisional diagram and survey records for examination and approval by the surveyor-general concerned prior to the date with effect from which the area concerned was or is declared a controlled area or part of a controlled area;

(*c*) the use of land—

(i) which is subject to a town planning scheme in operation or binding under any law or an amendment thereof; or

(ii) for agricultural, forestry or pastoral purposes or for purposes of a road or railway or purposes incidental to such purposes;

(*d*) the subdivision of or the granting of a right to an undivided share in or the use of land for prospecting or mining for base minerals or for any other purpose for which authority, permission or consent is required in terms of any other law or a condition contained in the title deed of the land, except the use of land for the purposes of a business, brickfield, pottery, quarry or the erection of a dwelling in connection with mining or prospecting activities.

Exemptions.

**7.** The Minister may by notice in the *Gazette*, on such conditions as he may determine and in so far as he may deem it expedient, exempt any land or any class of land from any or all of the provisions of section 6 (1), and may in like manner at any time withdraw such exemption.

Issue of permits.

**8.** (1) The Minister may in his discretion—

(*a*) direct that a permit (to be signed by an officer designated thereto by him) be issued subject to such conditions as he may determine, authorizing—

(i) the use of land specified in a notice issued in terms of section 4 (1) for a purpose other than the particular purpose specified in the notice or the purpose for which the land was being used at the date of such notice; or

(ii) the subdivision of land in a controlled area; or

(iii) the acquisition of an undivided share in land in a controlled area; or

(iv) the use of land in a controlled area for a purpose for which it was not being used at the date as

Beperking op onderverdeling en gebruik van grond in beheerde gebiede.

**6.** (1) Onderworpe aan subartikel (2) mag niemand, behalwe uit hoofde van 'n permit, en ooreenkomstig die daarin vermelde voorwaardes—

(*a*) grond in 'n beheerde gebied onderverdeel nie; of

(*b*) aan enige persoon die reg op 'n onverdeelde aandeel in grond in 'n beheerde gebied verleen nie; of

(*c*) grond in die beheerde gebied gebruik vir 'n doel waarvoor dit nie op die datum met ingang waarvan die betrokke gebied tot 'n beheerde gebied of tot deel van 'n beheerde gebied verklaar is of word, gebruik is nie.

(2) Subartikel (1) is nie van toepassing nie ten opsigte van—

(*a*) enige gebied, onroerende goed, gebou, grond of perseel wat die onderwerp is van 'n proklamasie wat uitgevaardig is of geag word uitgevaardig te gewees het kragtens artikel 19, 23, 24 of 25 van die Wet op Groepsgebiede, 1966 (Wet No. 36 van 1966);

(*b*) die onderverdeling van, of die verlening van 'n reg op 'n onverdeelde aandeel in, grond—

(i) wat vererf, mits geen gedeelte of onverdeelde aandeel wat aan iemand toegewys word kleiner is nie as dié waarop hy ooreenkomstig die bepalings van die betrokke uiterste wilsbeskikking of by intestate erfopvolging geregtig sou wees; of

(ii) ingevolge 'n hofbevel wat uitgereik is voor die datum met ingang waarvan die betrokke gebied tot 'n beheerde gebied of tot deel van 'n beheerde gebied verklaar is of word; of

(iii) indien 'n wettige kontrak vir die verlening van 'n onverdeelde aandeel reeds aangegaan is of die landmeter sy opmeting voltooi en sy onderverdelingskaart en meetstukke by die betrokke landmeter-generaal vir ondersoek en goedkeuring ingedien het voor die datum met ingang waarvan die betrokke gebied tot 'n beheerde gebied of tot deel van 'n beheerde gebied verklaar is of word;

(*c*) die gebruik van grond—

(i) wat onder 'n dorpsaanleg- of dorpsbeplanningskema wat ingevolge die een of ander wetsbepaling in werking of bindend is of 'n wysiging daarvan val; of

(ii) vir landbou-, bosbou- of weidingsdoeleindes of vir doeleindes van 'n pad of spoorweg, of doeleindes wat met daardie doeleindes in verband staan;

(*d*) die onderverdeling van of die verlening van 'n reg op 'n onverdeelde aandeel in of die gebruik van grond vir die prospekteer vir of die myn van onedele minerale of vir enige ander doel waarvoor magtiging, verlof of toestemming ingevolge 'n ander wet of 'n voorwaarde vervat in die titelbewys van die grond, vereis word, met die uitsondering van die gebruik van grond vir doeleindes van 'n besigheid, steenmakery, pottebakkery, steengroef, of die oprigting van 'n woning in verband met myn- of prospekteerbedrywighede.

Vrystellings.

**7.** Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* op die voorwaardes wat hy bepaal en vir sover hy dit raadsaam ag, enige grond of enige kategorie grond van enigeen van of al die bepalings van artikel 6 (1) vrystel, en kan op dieselfde wyse te eniger tyd so 'n vrystelling intrek.

Uitreiking van permitte.

**8.** (1) Die Minister kan na goeddunke—

(*a*) gelas dat 'n permit (onderteken te word deur 'n beampte wat hy daartoe aanwys) uitgereik word onderworpe aan die voorwaardes wat hy bepaal, ter magtiging van—

(i) die gebruik van grond vermeld in 'n kennisgewing uitgereik ingevolge artikel 4 (1) vir 'n ander doel as die besondere doel in die kennisgewing vermeld of die doel waarvoor die grond op die datum van die kennisgewing gebruik is; of

(ii) die onderverdeling van grond in 'n beheerde gebied; of

(iii) die verkryging van 'n onverdeelde aandeel in grond in 'n beheerde gebied; of

(iv) die gebruik van grond in 'n beheerde gebied vir 'n doel waarvoor dit nie op die datum met ingang waarvan die betrokke gebied tot 'n beheerde ...

(*b*) direct that the conditions of a permit be amended or that the permit shall be available only for a portion of the land in respect of which it has been issued.

(2) The Minister may—

(*a*) at the request of the owner of land on whose application a permit has been issued under this section or of his successor in title, revoke or amend such permit; or

(*b*) if any land in respect of which a permit has been issued, is used contrary to a condition subject to which the permit has been issued, after not less than one month's notice, revoke the permit.

Delegation of powers by Minister.

**9.** (1) The Minister may, subject to such conditions as he may determine, delegate to an officer (with a rank not lower than that of under-secretary) in the Department of Planning any of his powers under section 2 (2) or 3 (3) to be exercised by that officer in consultation with officers (with a similar rank) of whom one each shall be nominated by the Ministers of Labour, of Bantu Administration and Development, of Economic Affairs, of Indian Affairs, of Coloured Affairs and of Water Affairs, respectively.

(2) The Minister may, subject to such conditions as he may determine, delegate to any officer (with a rank not lower than that of under-secretary) in the Department of Planning any of his powers under section 8.

(3) A permit issued or power exercised by virtue of a delegation under subsection (1) or (2) shall for all purposes be deemed to have been issued or exercised by the Minister.

(4) Any person who is aggrieved by a decision by virtue of a delegation under this section may at any time within sixty days after the date of such decision appeal to the Minister.

Withdrawal and amendment of proclamations and notices.

**10.** Whenever the State President or the Minister is by this Act authorized to issue a proclamation or notice, he may in like manner, whenever it is deemed expedient, withdraw or amend the proclamation or notice (including a proclamation or notice deemed to have been issued in terms of a provision of this Act).

Penalties.

**11.** (1) Any person who contravenes section 3 (1), 4 (2) or 6 (1) or fails to comply with a condition imposed in terms of section 2 (2) or 3 (3) shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding one year or to both such fine and such imprisonment, and, in the case of a continuing contravention, to a fine not exceeding ten rand for every day during which the contravention is continued.

(2) Whenever any person is convicted of a contravention of section 3 (1), 4 (2) or 6 (1), or of a failure to comply with a condition imposed in terms of section 2 (2) or 3 (3), the court convicting him may, in addition to any other punishment imposed for that offence, summarily enquire into and assess the monetary equivalent of any advantage which that person may have gained in consequence of that offence and impose on him a fine equal to the amount so assessed or in default of payment, imprisonment for a period not exceeding one year.

(3) Notwithstanding anything in any other law contained, a magistrate's court shall have jurisdiction to impose any punishment prescribed in subsections (1) and (2).

Proof of certain facts.

**12.** A document which purports to have been certified by the Secretary for Planning, or by an officer in the Department of Planning authorized thereto by the said Secretary, to be a true and correct copy of any approval or permission granted in writing, or a permit issued or conditions imposed in terms of this Act, shall be *prima facie* evidence of the granting of such approval or permission or the imposition of such conditions, as the case may be.

Exclusion of Bantu Areas.

**13.** No provision of sections 2 to 12, inclusive, shall be applicable or be made applicable in any area consisting of land referred to in section 21 (1) of the Bantu Trust and Land Act,

(*b*) gelas dat die voorwaardes van 'n permit gewysig word of dat 'n permit beskikbaar moet wees vir slegs 'n gedeelte van die grond ten opsigte waarvan dit uitgereik is.

(2) Die Minister kan—

(*a*) op versoek van die eienaar van grond op wie se aansoek 'n permit ingevolge hierdie artikel uitgereik is, of van sy regsopvolger, sodanige permit intrek of wysig; of

(*b*) indien grond ten opsigte waarvan 'n permit uitgereik is, gebruik word in stryd met 'n voorwaarde waarop die permit uitgereik is, na minstens een maand kennisgewing die permit intrek.

Delegering van bevoegdhede deur die Minister.

**9.** (1) Die Minister kan, onderworpe aan die voorwaardes wat hy bepaal, enige van sy bevoegdhede kragtens artikel 2 (2) of 3 (3) aan 'n beampte (met 'n rang wat nie laer is nie as dié van Ondersekretaris) in die Departement van Beplanning delegeer om uitgeoefen te word deur daardie beampte in oorleg met beamptes (met 'n soortgelyke rang) waarvan een elk deur onderskeidelik die Ministers van Arbeid, van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, van Ekonomiese Sake, van Indiërsake, van Kleurlingsake en van Waterwese benoem word.

(2) Die Minister kan, onderworpe aan die voorwaardes wat hy bepaal, aan 'n beampte in die Departement van Beplanning (met 'n rang wat nie laer is nie as dié van Ondersekretaris) enige van sy bevoegdhede kragtens artikel 8 delegeer.

(3) 'n Permit uitgereik of bevoegdheid uitgeoefen uit hoofde van 'n delegering kragtens subartikel (1) of (2) word vir alle doeleindes geag deur die Minister uitgereik of uitgeoefen te gewees het.

(4) Iemand wat hom veronreg ag deur 'n besluit uit hoofde van 'n delegering kragtens hierdie artikel kan te eniger tyd binne sestig dae na die datum van daardie besluit na die Minister appelleer.

Intrekking en wysiging van proklamasies en kennisgewings.

**10.** Wanneer die Staatspresident of die Minister by hierdie Wet gemagtig word om 'n proklamasie of kennisgewing uit te reik, kan hy op dieselfde wyse, wanneer dit raadsaam geag word, die proklamasie of kennisgewing (met inbegrip van 'n proklamasie of kennisgewing wat geag word ingevolge 'n bepaling van hierdie Wet uitgereik te gewees het) intrek of wysig.

Strafbepalings.

**11.** (1) Iemand wat artikel 3 (1), 4 (2) of 6 (1) oortree, of versuim om te voldoen aan 'n voorwaarde ingevolge artikel 2 (2) of 3 (3) opgelê, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar of met sowel sodanige boete as sodanige gevangenisstraf, en in die geval van 'n voortdurende oortreding met 'n boete van hoogstens tien rand vir elke dag wat die oortreding voortduur.

(2) Wanneer iemand skuldig bevind word aan 'n oortreding van artikel 3 (1), 4 (2) of 6 (1) of aan versuim om te voldoen aan 'n voorwaarde ingevolge artikel 2 (2) of 3 (3) opgelê, kan die hof wat hom skuldig bevind, benewens enige ander straf ten opsigte van daardie misdryf opgelê, op staande voet ondersoek instel na die geldelike waarde van enige voordeel wat daardie persoon as gevolg van daardie misdryf behaal het en die bedrag daarvan bepaal, en aan hom 'n boete gelyk aan die bedrag aldus bepaal, of by wanbetaling, gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar, oplê.

(3) Ondanks andersluidende wetsbepalings is 'n landdroshof regsbevoeg om enige straf in subartikels (1) en (2) voorgeskryf, op te lê.

Bewys van sekere feite.

**12.** 'n Dokument wat heet deur die Sekretaris van Beplanning of deur 'n deur hom daartoe gemagtigde beampte in die Departement van Beplanning gesertifiseer te wees as 'n ware en juiste afskrif van 'n skriftelike goedkeuring of toestemming verleen of 'n permit uitgereik of voorwaardes opgelê ingevolge hierdie Wet, is *prima facie*-bewys van die verlening van daardie goedkeuring of toestemming of die uitreiking van daardie permit of die oplegging van daardie voorwaardes, na gelang van die geval.

Uitsluiting van Bantoegebiede.

**13.** Geen bepaling van artikels 2 tot en met 12 is van toepassing of kan van toepassing gemaak word nie in 'n gebied wat

Repeal of laws and savings.

**14.** (1) The Natural Resources Development Act, 1947 (Act No. 51 of 1947), and the Natural Resources Development Amendment Act, 1955 (Act No. 30 of 1955), are hereby repealed.

(2) A proclamation or permit issued or exemption granted or anything done under any provision of the laws repealed by subsection (1) shall be deemed to have been issued, granted or done under the corresponding provision of this Act.

Short title.

**15.** This Act shall be called the Physical Planning and Utilization of Resources Act, 1967, and shall come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

**14.** (1) Die Wet op die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, 1947 (Wet No. 51 van 1947), en die Wysigingswet op die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, 1955 (Wet No. 30 van 1955), word hierby herroep.

Herroeping van wette en voorbehoude.

(2) 'n Proklamasie of permit uitgereik of vrystelling verleen of enigiets gedoen ingevolge 'n bepaling van 'n wet wat deur subartikel (1) herroep word, word geag ingevolge die ooreenstemmende bepaling van hierdie Wet uitgereik, vrygestel of gedoen te gewees het.

**15.** Hierdie Wet heet die Wet op Fisiese Beplanning en Benutting van Hulpbronne, 1967, en tree in werking op 'n datum deur die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

Kort titel en datum van inwerkingtreding.

No. 102, 1967.]

# ACT

**To repeal the Public Bodies' Private Bill Act, 1885, of the Cape of Good Hope, and the Private Bill Procedure Act, 1912; to amend Proclamation No. 80 of 1890, of the Cape of Good Hope, so as to delete the reference therein to the Public Bodies' Private Bill Act, 1885; to amend the Commissions Act, 1947, so as to extend the powers of the State President to make regulations; to amend the Rents Act, 1950, so as to make it possible to define with greater particularity the jurisdiction of rent boards; to amend the Suppression of Communism Act, 1950, so as to extend the period of operation of certain provisions thereof; to amend the provisions of the Criminal Procedure Act, 1955, with reference to the expiration of the period for which certain persons may be detained, the powers of a judicial officer in regard to the disposal of proceedings in which the accused was convicted by another judicial officer, the matters which may be proved by way of affidavit, the power of peace officers in regard to the steps which may be taken by them after the arrest of a person, the power of the Minister of Justice to declare that certain persons shall be deemed to be peace officers, and the joint trial of offenders; to amend the provisions of the Interpretation Act, 1957, with reference to the manner in which laws and notices are to be published; to amend the provisions of the Supreme Court Act, 1959, with reference to the fees payable to witnesses in civil proceedings, and the area of jurisdiction of the Witwatersrand Local Division of the Supreme Court of South Africa; to amend the provisions of the Children's Act, 1960, with reference to the definition of "child"; to amend the provisions of section 6 of the Finance Act, 1960, with reference to the administration of the provisions of the said section; to amend the provisions of the Conventional Penalties Act, 1962, in regard to the application thereof to certain hire-purchase agreements; to amend the provisions of the Administration of Estates Act, 1965, in regard to the transfer of immovable property by an executor; to amend the National Welfare Act, 1965, and the Reciprocal Enforcement of Civil Judgments Act, 1966, so as to clarify certain provisions thereof; and to make further provision for the supply and acquisition of liquor to and by natives in the territory of South-West Africa.**

(*Afrikaans text signed by the Acting State President.*)
(*Assented to 19th June*, 1967.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Repeal of Act 35 of 1885 (Cape) and Act 20 of 1912.

**1.** The Public Bodies' Private Bill Act, 1885, of the Cape of Good Hope, and the Private Bill Procedure Act, 1912, are hereby repealed.

Amendment of Proclamation 80 of 1890 (Cape).

**2.** Proclamation No. 80 of 1890, of the Cape of Good Hope, is hereby amended by the deletion in Schedule A of the words "Act No. 35 of 1885. Public Bodies' Private Bill Act, 1885.".

Amendment of section 1 of Act 8 of 1947, as amended by section 13 of Act 80 of 1964.

**3.** Section 1 of the Commissions Act, 1947, is hereby amended—

(*a*) by the substitution for paragraph (*b*) of subsection (1) of the following paragraph:

"(*b*) make regulations with reference to such com-

No. 102, 1967.]

# WET

**Om die „Public Bodies' Private Bill Act, 1885," van die Kaap die Goeie Hoop, en die „Private Wetsontwerpen Regelings Wet, 1912," te herroep; om Proklamasie No. 80 van 1890, van die Kaap die Goeie Hoop, te wysig ten einde die verwysing daarin na die „Public Bodies' Private Bill Act, 1885," te skrap; om die Kommissiewet, 1947, te wysig ten einde die bevoegdheid van die Staatspresident om regulasies uit te vaardig, uit te brei; om die Wet op Huurgelde, 1950, te wysig ten einde dit moontlik te maak om die jurisdiksie van huurrade in fyner besonderhede te omskryf; om die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950, te wysig ten einde die geldingsduur van sekere bepalings daarvan te verleng; om die bepalings van die Strafproseswet, 1955, te wysig met betrekking tot die verstryking van die tydperk waarvoor sekere persone aangehou kan word, die bevoegdheid van 'n regterlike amptenaar in verband met die afhandeling van 'n geding waarin die beskuldigde deur 'n ander regterlike amptenaar skuldig bevind is, die aangeleenthede wat by wyse van beëdigde verklaring bewys kan word, die bevoegdheid van vredesbeamptes in verband met die stappe wat deur hulle na die inhegtenisneming van iemand gedoen kan word, die bevoegdheid van die Minister van Justisie om te verklaar dat sekere persone geag word vredesbeamptes te wees, en die gesamentlike verhoor van oortreders; om die bepalings van die Interpretasiewet, 1957, te wysig met betrekking tot die wyse waarop wette en kennisgewings gepubliseer moet word; om die bepalings van die Wet op die Hooggeregshof, 1959, te wysig met betrekking tot die gelde wat aan getuies in siviele gedinge betaalbaar is, en die regsgebied van die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika; om die bepalings van die Kinderwet, 1960, te wysig met betrekking tot die omskrywing van „kind"; om die bepalings van artikel 6 van die Finansiewet, 1960, te wysig met betrekking tot die uitvoering van die bepalings van genoemde artikel; om die bepalings van die Wet op Strafbedinge, 1962, te wysig met betrekking tot die toepassing daarvan op sekere huurkoop-ooreenkomste; om die bepalings van die Boedelwet, 1965, te wysig met betrekking tot die oordrag van onroerende goed deur 'n eksekuteur; om die Nasionale Welsynswet, 1965, en die Wet op die Wederkerige Afdwinging van Siviele Vonnisse, 1966, te wysig ten einde sekere bepalings daarvan op te klaar; en om verdere voorsiening te maak vir die verskaffing en verkryging van drank aan en deur inboorlinge in die gebied Suidwes-Afrika.**

(*Afrikaanse teks deur die Waarnemende Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 19 *Junie* 1967.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Herroeping van Wet 35 van 1885 (Kaap) en Wet 20 van 1912.**

**1.** Die „Public Bodies' Private Bill Act, 1885," van die Kaap die Goeie Hoop, en die „Private Wetsontwerpen Regelings-Wet, 1912," word hierby herroep.

**Wysiging van Proklamasie 80 van 1890 (Kaap).**

**2.** Proklamasie No. 80 van 1890, van die Kaap die Goeie Hoop, word hierby gewysig deur in Bylae A die woorde „Wet No. 35 van 1885, ,Wet op Private Wetsontwerpen van Publieke Lichamen 1885' " te skrap.

**Wysiging van artikel 1 van**

**3.** Artikel 1 van die Kommissiewet, 1947, word hierby gewysig—

(i) conferring additional powers on the commission;

(ii) providing for the manner of holding or the procedure to be followed at the investigation or for the preservation of secrecy;

(iii) which he may deem necessary or expedient to prevent the commission or a member of the commission from being insulted, disparaged or belittled or to prevent the proceedings or findings of the commission from being prejudiced, influenced or anticipated;

(iv) providing generally for all matters which he considers it necessary or expedient to prescribe for the purposes of the investigation."; and

(*b*) by the substitution for subsection (2) of the following subsections:

(2) Any regulation made under paragraph (*b*) of subsection (1) may provide for penalties for any contravention thereof or failure to comply therewith, by way of—

(*a*) in the case of a regulation referred to in subparagraph (i), (ii) or (iv) of the said paragraph, a fine not exceeding two hundred rand or imprisonment for a period not exceeding six months;

(*b*) in the case of a regulation referred to in subparagraph (iii) of the said paragraph, a fine not exceeding one thousand rand or imprisonment for a period not exceeding one year.

(3) Notwithstanding anything to the contrary in any other law contained, a magistrate's court shall have jurisdiction to impose any penalty prescribed by any such regulation.".

Amendment of section 4 of Act 43 of 1950, as amended by section 2 of Act 47 of 1964 and section 2 of Act 54 of 1966.

**4.** Section 4 of the Rents Act, 1950, is hereby amended—

(*a*) by the substitution for paragraph (*b*) of subsection (2) of the following paragraph:

"(*b*) The Minister may similarly by notice in the *Gazette* from time to time withdraw any notice by which a rent board has been dissolved only in so far as its jurisdiction over business premises is concerned, either absolutely or only in respect of a specified portion of the area for which such rent board had been constituted or only in respect of any specified business premises or class of business premises, and thereupon the jurisdiction of such rent board shall revive and the provisions of this Act shall apply in respect of business premises situate within the area for which it is constituted or within the portion of that area specified in such notice or in respect of the business premises or class of business premises so specified, as the case may be."; and

(*b*) by the addition to the said subsection of the following paragraph:

(*c*) The Minister may similarly by notice in the *Gazette* withdraw any notice issued in terms of paragraph (*b*), and thereupon the provisions of paragraph (*a*) and the said paragraph (*b*) shall *mutatis mutandis* apply.".

Amendment of section 33 of Act 43 of 1950, as amended by section 6 of Act 53 of 1951, section 7 of Act 47 of 1964,

**5.** Section 33 of the Rents Act, 1950, is hereby amended by the insertion after subsection (1B) of the following subsection:

"(1C) The provisions of subsection (1A) shall apply in respect of business premises, irrespective of whether or not a rent board exists in respect of any business premises in the area in which any business premises concerned are

(i) wat bykomende bevoegdhede aan die kommissie verleen;

(ii) wat voorsiening maak vir die wyse waarop die ondersoek ingestel moet word of die prosedure wat daarby gevolg moet word of vir geheimhouding;

(iii) wat hy nodig of dienstig ag om te verhinder dat die kommissie of 'n lid van die kommissie beledig, neergehaal of verkleineer word of dat die verrigtinge of bevindings van die kommissie benadeel, beïnvloed of vooruitgeloop word;

(iv) wat oor die algemeen voorsiening maak vir alle aangeleenthede wat hy nodig of dienstig ag om vir die doeleindes van die ondersoek voor te skryf."; en

(*b*) deur subartikel (2) deur die volgende subartikels te vervang:

„(2) 'n Kragtens paragraaf (*b*) van subartikel (1) uitgevaardigde regulasie kan vir 'n oortreding daarvan of versuim om dit na te kom voorsiening maak vir strawwe by wyse van—

(*a*) in die geval van 'n regulasie bedoel in subparagraaf (i), (ii) of (iv) van genoemde paragraaf, 'n boete van hoogstens tweehonderd rand of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande;

(*b*) in die geval van 'n regulasie bedoel in subparagraaf (iii) van genoemde paragraaf, 'n boete van hoogstens duisend rand of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar.

(3) Ondanks andersluidende bepalings van die een of ander wet is 'n landdroshof bevoeg om enige straf op te lê wat by so 'n regulasie voorgeskryf is.".

Wysiging van artikel 4 van Wet 43 van 1950, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 47 van 1964 en artikel 2 van Wet 54 van 1966.

**4.** Artikel 4 van die Wet op Huurgelde, 1950, word hierby gewysig—

(*a*) deur paragraaf (*b*) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*b*) Die Minister kan insgelyks by kennisgewing in die *Staatskoerant* 'n kennisgewing waarby 'n huurraad ontbind is slegs vir sover dit sy regsbevoegdheid oor besigheidspersele betref, van tyd tot tyd intrek, òf geheel en al òf slegs ten opsigte van 'n vermelde gedeelte van die gebied waarvoor daardie huurraad ingestel was òf slegs ten opsigte van 'n vermelde besigheidsperseel of klas besigheidspersele, en daarna herleef die regsbevoegdheid van daardie huurraad en geld die bepalings van hierdie Wet ten opsigte van besigheidspersele wat geleë is binne die gebied waarvoor hy ingestel is, of binne dié gedeelte van daardie gebied wat in sodanige kennisgewing vermeld is of ten opsigte van die besigheidsperseel of klas besigheidspersele wat aldus vermeld is, na gelang van die geval."; en

(*b*) deur die volgende paragraaf by genoemde subartikel te voeg:

„(*c*) Die Minister kan insgelyks by kennisgewing in die *Staatskoerant* 'n kennisgewing uitgereik ingevolge paragraaf (*b*), intrek, en daarna geld die bepalings van paragraaf (*a*) en genoemde paragraaf (*b*) *mutatis mutandis*.".

Wysiging van artikel 33 van Wet 43 van 1950, soos gewysig deur artikel 6 van Wet 53 van 1951, artikel 7 van Wet

**5.** Artikel 33 van die Wet op Huurgelde, 1950, word hierby gewysig deur na subartikel (1B) die volgende subartikel in te voeg:

„(1C) Die bepalings van subartikel (1A) geld ten opsigte van besigheidspersele, hetsy daar 'n huurraad bestaan ten opsigte van een of meer besigheidspersele in die gebied

Amendment of section 10 of Act 44 of 1950, as amended by section 7 of Act 15 of 1954, section 8 of Act 76 of 1962, section 4 of Act 37 of 1963, section 14 of Act 80 of 1964, section 3 of Act 97 of 1965 and section 1 of Act 8 of 1966.

**6.** Section 10 of the Suppression of Communism Act, 1950, is hereby amended by the substitution for paragraph (*a*) *ter* of subsection (1) of the following paragraph:

"(*a*) *ter* Subject to the provisions of paragraph (*a*) *quat*, the provisions of paragraph (*a*) *bis* shall lapse on the 30th June, 1968.".

Amendment of section 27 of Act 56 of 1955, as amended by section 1 of Act 96 of 1965.

**7.** Section 27 of the Criminal Procedure Act, 1955 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for the second proviso to subsection (1) of the following proviso:

"Provided further that if the said period of forty-eight hours expires on a Saturday, Sunday or public holiday, it shall be deemed to expire at four o'clock in the afternoon on the next day, not being a Saturday, Sunday or public holiday.".

Amendment of section 186 of Act 56 of 1955.

**8.** Section 186 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) If sentence is not passed upon an accused forthwith upon his conviction in an inferior court or if, by reason of any decision or order of a superior court on appeal, review or otherwise, it is necessary to add to or vary any sentence passed in an inferior court, or to pass sentence afresh in such court, any judicial officer of that court may, in the absence of the judicial officer who convicted the accused or passed the sentence, as the case may be, and after consideration of the evidence recorded and in the presence of the accused, pass sentence on the accused or take such other steps as the judicial officer who is absent, could lawfully have taken in the criminal proceedings concerned if he had not been absent.".

Amendment of section 239 of Act 56 of 1955, as amended by section 21 of Act 92 of 1963 and section 8 of Act 96 of 1965.

**9.** Section 239 of the principal Act is hereby amended by the insertion after subsection (4) *quat* of the following subsection:

"(4) *quin* In any criminal proceedings in which the receipt, custody, packing, delivery or despatch of any finger or palm print, article of clothing, specimen, limb, organ or any object of whatever nature is relevant to the issue, a document purporting to be an affidavit made by a person who in that affidavit alleges that he is or was in the service of the State or is or was in the service of, or is or was attached to, the South African Institute for Medical Research or any university or institution referred to in subsection (4), and that in the performance of his official duties he received from, or delivered or despatched to, a person, institute, department or institution mentioned in the affidavit, a finger or palm print, article of clothing, specimen, limb, organ or other object described in the affidavit or packed or marked in a manner so described, or that during the period mentioned in the affidavit he had the custody, in the manner so mentioned, of a finger or palm print, article of clothing, specimen, limb, organ or other object described in the affidavit or packed or marked in the manner so described, as the case may be, shall on its mere production in those proceedings by any person, but subject to the provisions of subsection (6), be *prima facie* proof of the facts so alleged.".

Amendment of section 289 of Act 56 of 1955, as amended by section 28 of Act 50 of 1956

**10.** Section 289 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Any peace officer may take or cause to be taken the finger prints, palm prints and foot prints of any person ... and may make or cause to be made

Wysiging van artikel 10 van Wet 44 van 1950, soos gewysig deur artikel 7 van Wet 15 van 1954, artikel 8 van Wet 76 van 1962, artikel 4 van Wet 37 van 1963, artikel 14 van Wet 80 van 1964, artikel 3 van Wet 97 van 1965 en artikel 1 van Wet 8 van 1966.

**6.** Artikel 10 van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950, word hierby gewysig deur paragraaf *(a)ter* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„*(a)ter* Behoudens die bepalings van paragraaf *(a)quat*, hou die bepalings van paragraaf *(a)bis* op 30 Junie 1968 op om van krag te wees.”.

Wysiging van artikel 27 van Wet 56 van 1955, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 96 van 1965.

**7.** Artikel 27 van die Strafproseswet, 1955 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur die tweede voorbehoudsbepaling by subartikel (1) deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:

„Met dien verstande voorts dat indien genoemde tydperk van agt-en-veertig uur op 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag verstryk, dit geag word om vieruur namiddag op die eersvolgende dag te verstryk wat nie 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag is nie.”.

Wysiging van artikel 186 van Wet 56 van 1955.

**8.** Artikel 186 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

„(4) Indien 'n beskuldigde nie onmiddellik by sy skuldigbevinding in 'n laerhof vonnis opgelê word nie of indien, vanweë 'n beslissing of bevel van 'n hoërhof by appèl, hersiening of andersins, dit nodig is om 'n vonnis wat in 'n laerhof opgelê is, te wysig of iets daarby te voeg of om opnuut vonnis in so 'n hof op te lê, kan enige regterlike amptenaar van daardie hof, by afwesigheid van die regterlike amptenaar wat, na gelang van die geval, die beskuldigde skuldig bevind of die vonnis opgelê het, en na oorweging van die aangetekende getuienis en in die teenwoordigheid van die beskuldigde, die beskuldigde vonnis oplê of die ander stappe doen wat die afwesige regterlike beampte regtens in die betrokke strafsaak sou kon gedoen het indien hy nie afwesig was nie.”.

Wysiging van artikel 239 van Wet 56 van 1955, soos gewysig deur artikel 21 van Wet 92 van 1963 en artikel 8 van Wet 96 van 1965.

**9.** Artikel 239 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel na subartikel (4)*quat* in te voeg:

„(4)*quin* In 'n strafsaak waarin die ontvangs, bewaring, verpakking, oorhandiging of versending van 'n vinger- of palmafdruk, kledingstuk, monster, liggaamsdeel, orgaan of enige voorwerp van watter aard ook al ter sake dienend is, is 'n geskrif wat 'n beëdigde verklaring heet te wees van 'n persoon wat in daardie beëdigde verklaring beweer dat hy in diens is of was van die Staat of in diens is of was van of verbonde is of was aan die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing of 'n in subartikel (4) bedoelde universiteit of inrigting en dat hy by die verrigting van sy ampspligte 'n vinger- of palmafdruk, kledingstuk, monster, liggaamsdeel, orgaan of ander voorwerp wat in die verklaring beskryf word of wat op 'n aldus beskrewe wyse verpak of gemerk was, ontvang het van of oorhandig of versend het aan 'n in die verklaring vermelde persoon, instituut, departement of inrigting, of dat hy 'n vinger- of palmafdruk, kledingstuk, monster, liggaamsdeel, orgaan of ander voorwerp wat in die verklaring beskryf word of wat op 'n aldus beskrewe wyse verpak of gemerk was, op die in die verklaring vermelde wyse en gedurende die aldus vermelde tydperk bewaar het, na gelang van die geval, by blote voorlegging in bedoelde saak deur enige persoon, behoudens die bepalings van subartikel (6), *prima facie*-bewys van die feite wat aldus beweer word.”.

Wysiging van artikel 289 van Wet 56 van 1955, soos gewysig deur artikel 28 van Wet 50 van 1956 en artikel 20 van Wet 16 van 1959

**10.** Artikel 289 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) 'n Vredesbeampte kan die vingerafdrukke, palmafdrukke en voetafdrukke van iemand wat op enige aanklag in hegtenis geneem is, neem of laat neem en kan so 'n persoon beskikbaar stel of laat beskikbaar stel vir identifi-

and the medical officer of any prison or any district surgeon or (except in the case of a woman), any peace officer may take or cause to be taken such steps, including (except in the case of a peace officer), any blood test, as he may deem necessary in order to ascertain whether the body of any such person bears any mark, characteristic or distinguishing feature or shows any condition or appearance.".

Amendment of section 309*bis* of Act 56 of 1955, as inserted by section 23 of Act 16 of 1959 and amended by section 32 of Act 92 of 1963.

**11.** Section 309*bis* of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) The Minister may by notice in the *Gazette* declare that for the purposes of subsections (1) and (2) any person in the service of the State or of the National Parks Board of Trustees established under section 5 of the National Parks Act, 1962 (Act No. 42 of 1962), or of an institution or body contemplated in section 84 (1) (*f*) of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act No. 32 of 1961), who falls within any category defined in such notice shall, in an area so defined, be deemed to be a peace officer in relation to any offence specified in such notice, and may at any time by like notice withdraw or vary any such notice.".

Substitution of section 328 of Act 56 of 1955, as amended by section 57 of Act 68 of 1957.

**12.** The following section is hereby substituted for section 328 of the principal Act:

"Joint trial of offenders charged with different offences.

**328.** Whenever it is alleged in an indictment, summons or charge that two or more persons have committed separate offences at the same time and place or at the same place and about the same time and the public prosecutor informs the court that any evidence which is in his opinion admissible at the trial of one of those persons is in his opinion also admissible at the trial of the other person or persons, such persons may be tried jointly for those offences on that indictment, summons or charge.".

Insertion of section 16A in Act 33 of 1957.

**13.** The following section is hereby inserted in the Interpretation Act, 1957, after section 16:

"Promulgation and commencement of laws and publication of certain notices when publication of the *Gazette* impracticable.

**16A.** (1) If the State President is satisfied that the publication of the *Gazette* cannot be effected or is likely to be seriously delayed as a result of circumstances beyond the control of the Government Printer, he may by proclamation published in the manner directed by him, make such rules as he may deem fit for the publication, during any period specified in the proclamation, of laws or notices required or authorized by law to be published in the *Gazette*.

(2) Any law or notice published in accordance with any rules so made, shall be deemed to have been published in the *Gazette*, and any law so published shall be deemed to have come into operation on the day on which it was first so published as a law, unless some other day is fixed by or under that law for the commencement thereof.

(3) The State President may at any time vary or withdraw any proclamation referred to in subsection (1) by like proclamation.

(4) Any law or notice published in accordance with any rule made under subsection (1) shall, if it is then still in force, be published in the *Gazette* for general information as soon as publication of the *Gazette* can be effected.

(5) The provisions of subsection (4) shall not affect the validity of anything done under any rules made under subsection (1).".

Substitution of section 42 of Act 59 of 1959.

**14.** (1) The following section is hereby substituted for section 42 of the Supreme Court Act, 1959:

"Witness fees.

**42.** (1) The Minister may in consultation with the Minister of Finance from time to time by notice

'n gevangenis of 'n distriksgeneesheer of (behalwe in die geval van 'n vrou) 'n vredesbeampte, kan die stappe doen of laat doen, insluitende (behalwe in die geval van 'n vredesbeampte) 'n bloedondersoek, wat hy nodig ag om vas te stel of die liggaam van so 'n persoon 'n merk, eienaardigheid of onderskeidende kenmerk dra of 'n bepaalde toestand aantoon of voorkoms het.".

Wysiging van artikel 309*bis* van Wet 56 van 1955, soos ingevoeg deur artikel 23 van Wet 16 van 1959 en gewysig deur artikel 32 van Wet 92 van 1963.

**11.** Artikel 309*bis* van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

„(3) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* verklaar dat by die toepassing van subartikels (1) en (2) iemand in diens van die Staat of van die Raad van Kuratore vir Nasionale Parke kragtens artikel 5 van die Wet op Nasionale Parke, 1962 (Wet No. 42 van 1962), ingestel of van 'n instelling of liggaam wat in artikel 84 (1) (*f*) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet No. 32 van 1961), beoog word, wat behoort tot 'n kategorie in die kennisgewing omskrywe, in 'n aldus omskrewe gebied geag word 'n vredesbeampte te wees met betrekking tot 'n misdryf wat in daardie kennisgewing aangedui word, en kan te eniger tyd by dergelike kennisgewing so 'n kennisgewing intrek of wysig.".

Vervanging van artikel 328 van Wet 56 van 1955, soos gewysig deur artikel 57 van Wet 68 van 1957.

**12.** Artikel 328 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Gesamentlike verhoor van oortreders wat weens afsonderlike misdrywe aangekla word.

**328.** Wanneer in 'n akte van beskuldiging, dagvaarding of klagskrif beweer word dat twee of meer persone op dieselfde tyd en plek of op dieselfde plek en ongeveer dieselfde tyd afsonderlike misdrywe gepleeg het en die Staatsaanklaer die hof meedeel dat getuienis wat na sy oordeel by die verhoor van een van daardie persone toelaatbaar is, na sy oordeel ook by die verhoor van die ander persoon of persone toelaatbaar is, kan sodanige persone gesamentlik weens bedoelde misdrywe op daardie akte van beskuldiging, dagvaarding of klagskrif verhoor word.".

Invoeging van artikel 16A in Wet 33 van 1957.

**13.** Die volgende artikel word hierby in die Interpretasiewet, 1957, na artikel 16 ingevoeg:

„Afkondiging en inwerkingtreding van wette en publikasie van sekere kennisgewings wanneer publikasie van die *Staatskoerant* ondoenlik is.

**16A.** (1) Indien die Staatspresident oortuig is dat die publikasie van die *Staatskoerant* nie bewerkstellig kan word nie of waarskynlik ernstig vertraag sal word as gevolg van omstandighede buite die beheer van die Staatsdrukker, kan hy by proklamasie, afgekondig op die wyse deur hom bepaal, dié reëls uitvaardig wat hy goedvind vir die publikasie, tydens 'n in die proklamasie bepaalde tydperk, van wette of kennisgewings wat kragtens wet in die *Staatskoerant* gepubliseer moet of kan word.

(2) 'n Wet of kennisgewing wat ooreenkomstig aldus uitgevaardigde reëls gepubliseer is, word geag in die *Staatskoerant* gepubliseer te wees, en 'n aldus gepubliseerde wet word geag in werking te getree het op die dag waarop dit vir die eerste keer aldus as 'n wet gepubliseer is, tensy 'n ander dag deur of kragtens dié wet vir die inwerkingtreding daarvan bepaal is.

(3) Die Staatspresident kan te eniger tyd 'n in subartikel (1) bedoelde proklamasie by dergelike proklamasie wysig of intrek.

(4) 'n Wet of kennisgewing wat gepubliseer is ooreenkomstig 'n reël wat kragtens subartikel (1) uitgevaardig is, moet, indien dit dan nog van krag is, vir algemene inligting in die *Staatskoerant* gepubliseer word sodra die publikasie van die *Staatskoerant* bewerkstellig kan word.

(5) Die bepalings van subartikel (4) raak nie die geldigheid nie van enigiets wat gedoen is kragtens reëls wat kragtens subartikel (1) uitgevaardig is.".

Vervanging van artikel 42 van Wet 59 van 1959.

**14.** (1) Artikel 42 van die Wet op die Hooggeregshof, 1959, word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Getuiegelde.

**42.** (1) Die Minister kan, in oorleg met die Minister van Finansies, van tyd tot tyd by kennis-

any person who is to accompany any such witness on account of the youth or infirmity due to old age or any other infirmity of such witness.

(2) Such notice may differentiate between persons according to the distances which they have to travel to attend the court to which they are summoned or subpoenaed, or according to their professions, callings or occupations, or between different classes of persons, and may empower such officers in the service of the State as may be specified therein, to order payment of allowances in accordance with a higher tariff than the tariff so prescribed, in cases where payment of allowances in accordance with the lastmentioned tariff may cause undue hardship.

(3) Notwithstanding anything to the contrary in any law contained, the court may order that no allowances or only a portion of the allowances prescribed shall be paid to any witness.".

(2) Subsection (1) shall come into operation on a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

Amendment of First Schedule to Act 59 of 1959.

**15.** The First Schedule to the Supreme Court Act, 1959, is hereby amended by the substitution in the third column thereof for the words opposite the words "Witwatersrand Local Division of the Supreme Court of South Africa" of the following words:

"*In civil matters*: the magisterial districts of Alberton, Benoni, Boksburg, Brakpan, Delmas, Germiston, Johannesburg, Kempton Park, Krugersdorp, Nigel, Randfontein, Roodepoort and Springs.

*In criminal matters*: the magisterial districts of Alberton, Boksburg, Germiston, Johannesburg, Kempton Park, Krugersdorp, Randfontein and Roodepoort.".

Amendment of section 1 of Act 33 of 1960, as amended by section 1 of Act 50 of 1965 and section 15 of Act 62 of 1966.

**16.** Section 1 of the Children's Act, 1960, is hereby amended by the substitution for paragraph (*b*) of the definition of "child" of the following paragraph:

"(*b*) of section 60 and Chapter VII,".

Amendment of section 6 of Act 64 of 1960, as amended by section 17 of Act 76 of 1964.

**17.** Section 6 of the Finance Act, 1960, is hereby amended by the substitution for paragraph (*b*) of subsection (1) of the following paragraph:

"(*b*) The board shall consist of not less than three and not more than four members who shall be appointed by the Minister of Public Works (in this section referred to as the Minister) from persons who are required to be in Cape Town in connection with a session of Parliament, and who shall hold office during his pleasure on such terms and conditions as he may determine.".

Substitution of section 5 of Act 15 of 1962.

**18.** (1) The following section is hereby substituted for section 5 of the Conventional Penalties Act, 1962:

"Application of Act to agreements to which Act 36 of 1942 or Ordinance 7 of 1942 of South-West Africa applies.

**5.** If any provision of the Hire-Purchase Act, 1942, or of the Hire-Purchase Ordinance, 1942, of the territory of South-West Africa is, in terms of the said Act or Ordinance or any notice issued under the said Act or Ordinance, applicable to any agreement, the provisions of this Act shall not apply to such agreement in so far as they are in conflict with the provision in question.".

(2) Subsection (1) shall apply also in the territory of South-West Africa.

Substitution of section 42 of Act 66 of 1965.

**19.** The following section is hereby substituted for section 42 of the Administration of Estates Act, 1965:

"Documents to be lodged by executor with regis-

**42.** (1) Except as is otherwise provided in subsection (2), an executor who desires to have any immovable property registered in the name of an heir or other person legally entitled to such property

siviele geding of aan iemand wat so 'n getuie weens die jeug of 'n ouderdoms- of ander gebrek van daardie getuie moet begelei.

(2) So 'n kennisgewing kan onderskeid maak tussen persone volgens die afstande wat hulle moet reis om aanwesig te wees by die hof waarheen hulle opgeroep of gedagvaar is, of volgens hul professie, beroep of besigheid, of tussen verskillende klasse persone, en kan aan daarin vermelde beamptes in diens van die Staat die bevoegdheid verleen om, in gevalle waar betaling van toelaes teen die aldus voorgeskrewe tarief buitensporige ontbering kan meebring, die betaling van toelaes teen 'n hoër tarief as daardie tarief te gelas.

(3) Ondanks andersluidende bepalings van die een of ander wet, kan die hof gelas dat geen toelaes of slegs 'n deel van die voorgeskrewe toelaes aan 'n getuie betaal word.".

(2) Subartikel (1) tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

Wysiging van Eerste Bylae van Wet 59 van 1959.

**15.** Die Eerste Bylae van die Wet op die Hooggeregshof, 1959, word hierby gewysig deur in die derde kolom daarvan die woorde teenoor die woorde „Witwatersrandse Plaaslike Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika" deur die volgende woorde te vervang:

„*In siviele aangeleenthede:* die landdrosdistrikte Alberton, Benoni, Boksburg, Brakpan, Delmas, Germiston, Johannesburg, Kempton Park, Krugersdorp, Nigel, Randfontein, Roodepoort en Springs.

*In strafregtelike aangeleenthede:* die landdrosdistrikte Alberton, Boksburg, Germiston, Johannesburg, Kempton Park, Krugersdorp, Randfontein en Roodepoort.".

Wysiging van artikel 1 van Wet 33 van 1960, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 50 van 1965 en artikel 15 van Wet 62 van 1966.

**16.** Artikel 1 van die Kinderwet, 1960, word hierby gewysig deur paragraaf (*b*) van die omskrywing van „kind" deur die volgende omskrywing te vervang:

„(*b*) van artikel 60 en Hoofstuk VII,".

Wysiging van artikel 6 van Wet 64 van 1960, soos gewysig deur artikel 17 van Wet 76 van 1964.

**17.** Artikel 6 van die Finansiewet, 1960, word hierby gewysig deur paragraaf (*b*) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*b*) Die raad bestaan uit minstens drie en hoogstens vier lede wat aangestel word deur die Minister van Openbare Werke (in hierdie artikel die Minister genoem) uit persone wat in Kaapstad moet wees in verband met 'n sessie van die Parlement en wat hulle ampte op die deur hom bepaalde bedinge en voorwaardes beklee solank dit hom behaag.".

Vervanging van artikel 5 van Wet 15 van 1962.

**18.** (1) Artikel 5 van die Wet op Strafbedinge, 1962, word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Toepassing van Wet op kontrakte waarop Wet 36 van 1942 of Ordonnansie 7 van 1942 van Suidwes-Afrika van toepassing is.

**5.** Indien 'n bepaling van die Wet op Huurkoop, 1942, of van die Huurkoopordonnansie, 1942, van die gebied Suidwes-Afrika, ingevolge genoemde Wet of Ordonnansie of 'n kennisgewing kragtens genoemde Wet of Ordonnansie uitgevaardig, op 'n kontrak van toepassing is, is die bepalings van hierdie Wet, vir sover hulle met die bewuste bepaling strydig is, nie op daardie kontrak van toepassing nie.".

(2) Subartikel (1) is ook van toepassing in die gebied Suidwes-Afrika.

Vervanging van artikel 42 van Wet 66 van 1965.

**19.** Artikel 42 van die Boedelwet, 1965, word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Stukke wat eksekuteur by registrasiebeamptes moet

**42.** (1) Behalwe soos in subartikel (2) anders bepaal, moet 'n eksekuteur wat verlang om onroerende goed op naam van 'n erfgenaam of ander persoon wat regtens op sodanige goed geregtig is, te laat registreer of om 'n aantekening ingevolge

which he may be by law required to lodge with the registration officer, lodge with the said officer a certificate by the Master that the proposed transfer or endorsement, as the case may be, is in accordance with the liquidation and distribution account.

(2) An executor who desires to effect transfer of any immovable property in pursuance of a sale shall lodge with the registration officer, in addition to any such other deed or document, a certificate by the Master that no objection to such transfer exists.".

Amendment of section 30 of Act 79 of 1965.

**20.** (1) Section 30 of the National Welfare Act, 1965, is hereby amended by the substitution for subsection (5) of the following subsection, subsection (6) becoming subsection (5):

(4) Any person who, having received notice under subsection (3), without lawful excuse fails to produce any book or document referred to in that subsection which he is able to produce, shall be guilty of an offence: Provided that in connection with the production of any such book or document the law relating to privilege, as applicable to a witness subpoenaed to produce any book or document before a court of law, shall apply.".

(2) The provisions of subsection (1) shall be deemed to have come into operation on the first day of July, 1966.

Amendment of section 6 of Act 9 of 1966.

**21.** Section 6 of the Reciprocal Enforcement of Civil Judgments Act, 1966, is hereby amended by the substitution in paragraph *(a)*, in the Afrikaans text, for the word „maande" of the word „jaar".

Supply and acquisition of liquor to and by natives in South-West Africa.

**22.** (1) The provisions of this section and any amendment thereof and any regulation made thereunder shall apply in the territory of South-West Africa, including that portion of the said territory known as the Eastern Caprivi Zipfel and referred to in section 3 of the South-West Africa Affairs Amendment Act, 1951 (Act No. 55 of 1951).

(2) Notwithstanding anything to the contrary contained in any other law, but subject to the provisions of this section and any regulation made thereunder, a native may purchase, obtain, possess and deal in liquor, and liquor may be sold, delivered, given or supplied in any other manner to a native.

(3) The Minister of Bantu Administration and Development or any person acting under his directions may, subject to such conditions or restrictions whatsoever as he may deem fit to impose, grant written authority to any person or the nominee of—

*(a)* any urban local authority as defined in section 1 of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951 (Proclamation No. 56 of 1951 of the territory of South-West Africa);

*(b)* any association of persons, whether natives or otherwise;

*(c)* any statutory or other body or board, whether or not its members are natives,

to sell liquor or such kinds of liquor as the Minister or such person may determine, to any native of the age of eighteen years or more or any class of such natives specified in such authority, for consumption on or off such premises as may be described in such authority.

(4) As from a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*, the holder of any licence issued under the laws relating to the sale of liquor and authorizing the sale of liquor by the bottle may, subject to the conditions of his licence and the provisions of this section and the regulations made thereunder, sell liquor to any native of the age of eighteen years or more for consumption off the premises in respect of which such licence has been issued.

(5) *(a)* The State President may by proclamation in the *Gazette* make regulations as to the granting of authority in terms of subsection (3), the purchase, obtaining, possession and consumption of and dealing in liquor by, and the sale, delivery, giving or supplying in any other manner of liquor to a native, and subject to the provisions of paragraph *(c)*, the manufacture and

registrasiebeampte moet inlewer, 'n sertifikaat deur die Meester dat die voorgenome transport of aantekening, na gelang van die geval, in ooreenstemming met die likwidasie- en distribusierekening is, by gemelde beampte inlewer.

(2) 'n Eksekuteur wat verlang om ingevolge 'n verkoop transport van onroerende goed te bewerkstellig, moet benewens enige ander sodanige akte of stuk, 'n sertifikaat deur die Meester dat daar geen beswaar teen die transport bestaan nie, by die registrasiebeampte inlewer.".

Wysiging van artikel 30 van Wet 79 van 1965.

**20.** (1) Artikel 30 van die Nasionale Welsynswet, 1965, word hierby gewysig deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang, terwyl subartikel (6) subartikel (5) word:—

„(4) Iemand wat, nadat hy kragtens subartikel (3) kennis ontvang het, sonder wettige verontskuldiging versuim om enige in daardie subartikel bedoelde boek of dokument oor te lê wat hy in staat is om oor te lê, is aan 'n misdryf skuldig: Met dien verstande dat die regsreëls met betrekking tot privilegie, soos toepaslik op 'n getuie wat gedagvaar is om 'n boek of dokument aan 'n geregshof oor te lê, in verband met die oorlegging van so 'n boek of dokument van toepassing is.".

(2) Die bepalings van subartikel (1) word geag op die eerste dag van Julie 1966 in werking te getree het.

Wysiging van artikel 6 van Wet 9 van 1966.

**21.** Artikel 6 van die Wet op die Wederkerige Afdwinging van Siviele Vonnisse, 1966, word hierby gewysig deur in paragraaf (*a*) die woord „maande" deur die woord „jaar" te vervang.

Verskaffing en verkryging van drank aan en deur inboorlinge in Suidwes-Afrika.

**22.** (1) Die bepalings van hierdie artikel en elke wysiging daarvan en elke regulasie wat daarkragtens uitgevaardig is, is van toepassing in die gebied Suidwes-Afrika, met inbegrip van dié gedeelte van genoemde gebied wat die Oostelike Caprivi Zipfel heet en vermeld word in artikel 3 van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika, 1951 (Wet No. 55 van 1951).

(2) Ondanks andersluidende bepalings van die een of ander wet, maar behoudens die bepalings van hierdie artikel en elke regulasie wat daarkragtens uitgevaardig is, kan 'n inboorling drank koop, verkry en besit en daarin handel dryf, en kan drank aan 'n inboorling verkoop, gelewer, gegee of op 'n ander wyse verskaf word.

(3) Die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling of iemand wat op sy gesag handel, kan, onderworpe aan watter voorwaardes of beperkings hy ook al goedvind om op te lê, skriftelike magtiging verleen aan iemand of die benoemde van—

(*a*) 'n stedelike plaaslike bestuur soos omskryf in artikel 1 van die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede, 1951 (Proklamasie No. 56 van 1951 van die gebied Suidwes-Afrika);

(*b*) 'n vereniging van persone, hetsy inboorlinge of andersins;

(*c*) 'n statutêre of ander liggaam of raad, hetsy die lede daarvan inboorlinge is of nie,

om drank of die soorte drank wat die Minister of so iemand bepaal, te verkoop aan inboorlinge wat agtien jaar oud of ouer is of 'n klas sodanige inboorlinge in sodanige magtiging vermeld, vir gebruik binne of buite die gebou in sodanige magtiging beskryf.

(4) Vanaf 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal, kan die houer van 'n lisensie wat uitgereik is kragtens die wette op die verkoop van drank en waarby die verkoop van drank per bottel gemagtig word, onderworpe aan die voorwaardes van sy lisensie en die bepalings van hierdie artikel en die regulasies wat daarkragtens uitgevaardig is, aan 'n inboorling wat agtien jaar oud of ouer is, drank verkoop vir gebruik buite die perseel ten opsigte waarvan sodanige lisensie uitgereik is.

(5) (*a*) Die Staatspresident kan by proklamasie in die *Staatskoerant* regulasies uitvaardig betreffende die verlening van magtiging ingevolge subartikel (3), die koop, verkryging, besit en gebruik van en handeldrywe in drank deur, en die verkoop, lewering, gee of die verskaffing op 'n ander wyse van drank aan 'n inboorling, en, behoudens die bepalings van paragraaf (*c*), die vervaardiging en brou van enige stof wat

(*b*) Without prejudice to the generality of the powers conferred by paragraph (*a*), such regulations may provide—

(i) for, or empower any person to provide for, the prohibition, restriction or control of the sale, supply or delivery of liquor to natives by any particular holder of a licence referred to in subsection (4) or all such holders, either generally or in a particular area;

(ii) for, or empower any person to provide for, the conditions subject to which any authority shall be granted in terms of subsection (3), and the period of validity, the renewal and the summary revocation of any such authority;

(iii) for the fee payable in respect of any such authority, the appropriation of such fee, the disposal of any profits derived from the sale of liquor by virtue of any such authority, and the recovery in a court of law of such profits and costs from the holder of such authority;

(iv) for penalties for a contravention thereof or failure to comply therewith, by way of a fine not exceeding four hundred rand or in default of payment imprisonment for a period not exceeding one year, or both such fine and such imprisonment;

(v) differently for different areas, different classes or groups of natives, different holders or classes of holders of authority granted in terms of subsection (3), and different kinds of liquor or kaffir beer and other substances referred to in paragraph (*a*).

(*c*) Such regulations shall not authorize the manufacture or brewing of any substance referred to in paragraph (*a*) which contains more than five per cent by volume of alcohol.

(6) If—

(*a*) any native consumes liquor on any premises when such liquor was sold to him for consumption off such premises, or consumes liquor in contravention of any regulation made under this section;

(*b*) any person sells any liquor to any native under or by virtue of the provisions of this section and permits such native to consume such liquor on the premises on which it was so sold to him, while he was not entitled to sell liquor to such native for consumption on such premises,

he shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding four hundred rand or in default of payment to imprisonment for a period not exceeding twelve months.

(7) In this section—

(*a*) "liquor" means—

(i) any spirit (including methylated spirits), wine, ale, beer, porter, cider, perry, hoybeer, kaffir beer and weissbeer;

(ii) any drink containing more than 2 per cent by volume of alcohol;

(iii) any drink, substance or concoction which the State President may from time to time by proclamation in the *Gazette* declare to be liquor for the purpose of this section,

but does not include any drink which the State President may at any time by proclamation in the *Gazette* declare not to be liquor for the purpose of this section;

(*b*) "native" means any person who is a member of an aboriginal tribe or race of Africa, and includes any person who lawfully resides in a location, native hostel or native village as defined in section 1 of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951 (Proclamation No. 56 of 1951 of the territory of South-West Africa), or on land referred to in section 4 of the South-West Africa Native Affairs Administration Act, 1954 (Act No. 56 of 1954), under the same conditions

(*b*) Sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid van die bevoegdheid by paragraaf (*a*) verleen, kan sodanige regulasies voorsiening maak—

(i) vir, of iemand magtig om voorsiening te maak vir, 'n verbod of beperking op of die beheer oor die verkoop, verskaffing of lewering van drank aan inboorlinge deur 'n bepaalde houer van 'n lisensie bedoel in subartikel (4) of alle sodanige houers, òf in die algemeen òf in 'n bepaalde gebied;

(ii) vir, of iemand magtig om voorsiening te maak vir, die voorwaardes waarop 'n magtiging ingevolge subartikel (3) verleen moet word, en die geldingsduur, die hernuwing en die summiere intrekking van so 'n magtiging;

(iii) vir die gelde wat ten opsigte van so 'n magtiging betaalbaar is, die aanwending van sodanige gelde, die beskikking oor winste wat gemaak word uit die verkoop van drank uit hoofde van sodanige magtiging, en die verhaal in 'n geregshof van sodanige winste en koste op die houer van so 'n magtiging;

(iv) vir strawwe, weens oortreding daarvan of versuim om daaraan te voldoen, by wyse van 'n boete van hoogstens vierhonderd rand of, by wanbetaling, gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 'n jaar, of sodanige boete sowel as sodanige gevangenisstraf;

(v) en kan verskillende voorsiening maak vir verskillende gebiede, verskillende klasse of groepe inboorlinge, verskillende houers of klasse houers van magtiging wat ingevolge subartikel (3) verleen is, en vir verskillende soorte drank of kafferbier en ander stowwe bedoel in paragraaf (*a*).

(*c*) Sodanige regulasies mag nie die vervaardiging of brou magtig van 'n stof bedoel in paragraaf (*a*) wat meer alkohol bevat as vyf persent van sy volume nie.

(6) Indien—

(*a*) 'n inboorling drank gebruik op 'n perseel wanneer sodanige drank aan hom verkoop is vir gebruik buite sodanige perseel, of drank gebruik strydig met 'n regulasie wat kragtens hierdie artike uitgevaardig is;

(*b*) iemand aan 'n inboorling drank verkoop kragtens of uit hoofde van die bepalings van hierdie artikel en sodanige inboorling toelaat om sodanige drank te gebruik op die perseel waarop dit aldus aan hom verkoop is, terwyl hy nie geregtig was om aan sodanige inboorling drank vir gebruik op sodanige perseel te verkoop nie,

is hy aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vierhonderd rand of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande.

(7) In hierdie artikel beteken—

(*a*) „drank"—

(i) spiritus (met inbegrip van brandspiritus), wyn, Engelse bier, bier, porter, appelwyn, peerwyn, hopbier, kafferbier en weissbier;

(ii) drank wat meer alkohol bevat as twee persent van sy volume;

(iii) enige drank, stof of brousel ten opsigte waarvan die Staatspresident van tyd tot tyd by proklamasie in die *Staatskoerant* verklaar dat dit drank by die toepassing van hierdie artikel is,

maar nie ook drank nie ten opsigte waarvan die Staatspresident te eniger tyd by proklamasie in die *Staatskoerant* verklaar dat dit nie drank by die toepassing van hierdie artikel is nie;

(*b*) „inboorling" iemand wat 'n lid is van 'n inboorlingstam of -ras van Afrika, en ook iemand wat wettiglik woon in 'n lokasie, inboorlingtehuis of inboorlingdorp soos omskryf in artikel 1 van die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede, 1951 (Proklamasie No. 56 van 1951 van die gebied Suidwes-Afrika), of op grond bedoel in artikel 4 van die Wet op die Administrasie van Naturellesake in Suidwes-Afrika, 1954 (Wet No. 56 van 1954), onder dieselfde omstandighede as 'n inboorling en iemand wat

(8) Until such time as the Legislative Assembly of the territory of South-West Africa makes provision therefor, this section and any regulation made under this section shall *mutatis mutandis* apply in relation to the sale of liquor by the bottle to any person other than a native who is in terms of section 25 of the Liquor Licensing Proclamation, 1920 (Proclamation No. 6 of 1920 of the territory of South-West Africa), prohibited from receiving or possessing liquor.

Short title.

**23.** This Act shall be called the General Law Amendment Act, 1967.

(8) Tot tyd en wyl die Wetgewende Vergadering van die gebied Suidwes-Afrika daarvoor voorsiening maak, is hierdie artikel en elke regulasie wat kragtens hierdie artikel uitgevaardig is, *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot die verkoop van drank per bottel aan iemand anders as 'n inboorling wat ingevolge artikel 25 van die „Liquor Licensing Proclamation, 1920" (Proklamasie No. 6 van 1920 van die gebied Suidwes-Afrika), verbied is om drank te ontvang of te besit.

**23.** Hierdie Wet heet die Algemene Regswysigingswet, 1967. Kort titel.

## CONTENTS.

**Department of the Prime Minister.**

GOVERNMENT NOTICE.


| No. | | PAGE |
|---|---|---|
| 912 | Act No. 81 of 1967: Aged Persons Act, 1967 .. | 2 |
| 912 | Act No. 82 of 1967: War Pensions Act, 1967 .. | 20 |
| 912 | Act No. 83 of 1967: Terrorism Act, 1967 .. | 80 |
| 912 | Act No. 88 of 1967: Physical Planning and Utilization of Resources Act, 1967 .. .. | 90 |
| 912 | Act No. 102 of 1967: General Law Amendment Act, 1967 .. .. .. .. .. | 100 |


## INHOUD.

**Departement van die Eerste Minister.**

GOEWERMENTSKENNISGEWING.


| No. | | BLADSY |
|---|---|---|
| 912 | Wet No. 81 van 1967: Wet op Bejaarde Persone, 1967 .. .. .. .. .. .. | 3 |
| 912 | Wet No. 82 van 1967: Oorlogspensioenwet, 1967 | 21 |
| 912 | Wet No. 83 van 1967: Wet op Terrorisme, 1967 | 81 |
| 912 | Wet No. 88 van 1967: Wet op Fisiese Beplanning en Benutting van Hulpbronne, 1967 .. .. | 91 |
| 912 | Wet No. 102 van 1967: Algemene Regswysigingswet, 1967 .. .. .. .. .. | 101 |